**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

I 232 Vol 360 PG 20 651 - 20727

**SAAKNOMMER: CC 482/85** **PRETORIA**

**1988-03-07**

**DIE STAAT teen:** **PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER**

**VOOR:** **SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL**

**NAMENS DIE STAAT:** **ADV. P.B. JACOBS**
**ADV. P. FICK**
**ADV. W. HANEKOM**

**NAMENS DIE VERDEDIGING:** **ADV. A. CHASKALSON**
**ADV. G. BIZOS**
**ADV. K. TIP**
**ADV. Z.M. YACOOB**
**ADV. G.J. MARCUS**

**TOLK:** **MNR. B.S.N. SKOSANA**

**KLAGTE:** **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)**

**PLEIT:** **AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG**

---

**KONTRAKTEURS:** **LUBBE OPNAMES**

---

**VOLUME 360**

**(Bladsye 20 651 - 20 727)**

HOF HERVAT OP 7 MAART 1988.

MAMOKHELE MIRIAM SEBETOANE, v.o.e. (Deur tolk)

MR BIZOS : Your lordship asked during the course of last week I think about when COSAS was declared an unlawful organisation. I have the date. It is 28 August 1985.

COURT : Where does one find that?

MR BIZOS : In the government gazette R1977 of that date and I have another number 9914. May I disclose the source of information, in the annual survey. I have reason to believe that it is accurate. The other is, it may help your lordship whilst this witness is cross-examined. To date the document that she admitted writing, I am giving the state an opportunity, but I have reason to believe that the information is correct that Mr Herman Nickel was recalled by his administration shortly after the declaration of the state of emergency which was by proclamation number 120 in government gazette 9876 of 21 July 1985. We got that information from the annual survey of Institute of Race Relations and it says there a number of ambassadors were recalled without actually mentioning Mr Nickel personally. That is why I have the reservation, but it looks as if that is the position.

COURT : Thank you very much.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ons het Vrydag gekom waar ons besig is met die verkiesing van die komitee van MASO waarop u ook gedien het. Ek verstaan al die beskuldigdes is in die hof, u edele. Voor daardie dag van die verkiesing, wie het georganiseer dat daardie mense daardie dag moet kom en dat daardie dag ŉ komitee gekies moes word? -- Wie het dit gedoen voor daardie dag weet ek nie. Ek het van ŉ vriend van my verneem dat op hierdie dag ŉ vergadering

gehou/...

gehou gaan word. Dit is die vergadering waar die komitee gekies is.

Wie is u vriend? -- George Mokotjane.

Het hy vir jou gesê wat is die doel van hierdie vergadering? -- Hy het.

Wat het hy gesê? -- Hy het gesê die doel van hierdie vergadering was om die skoolkinders in te lig van die skoliere se organisasie wat bekend staan as MASO.

Het hy vir jou gesê daar gaan ŉ verkiesing gehou word van ŉ bestuur? -- Ja, hy het gesê by hierdie vergadering sal daar ŉ aangeleentheid gebied word aan die skoolkinders om self mense te kies wat in die komitee moet dien.

Volgens jou getuienis het jy gesê dat MASO het bestaan voor hierdie dag. Wat het MASO gedoen voor hierdie dag? -- Dit is die indruk wat ek gekry het dat MASO alreeds bestaan het op hierdie dag.

Maar my vraag is, wat het MASO gedoen op die kampusse, die skoolgronde? -- Voor hierdie vergadering waarvan ek praat sal ek nie in staat wees om vir u te kan sê wat MASO op die skoolgronde gedoen het nie, want ek was nog nie daarvan bewus dat daar iets gedoen was nie.

Het hulle nie vergaderings gehou daar nie? -- Nee, ek het nog nie bewus geword van ŉ vergadering wat deur hulle gehou was voor hierdie dag nie.

Het hulle nie die skoolkinders ingelig oor die SRC's nie? -- Nee, ek weet nie.

Is dit reg dat MASO het ontbind in Meimaand 1985 en toe is daar MAYCO gestig, dit is Maokeng Youth Congress? -- Soos ek alreeds gesê het, die enigste organisasie waarvan ek geweet het van daardie tyd af was altyd MASO.

Het/...

Het hy ontbind? -- Ja.

Was dit in Meimaand 1985? -- Nee, ek het net gesien dat ons nie meer bymekaar was nie, dat dit uiteen gegaan het onmiddellik na die verbanning van COSAS.

HOF : U meen dit het opgehou? -- Ja.

Hoekom? -- Ek sal nie kan sê wat die rede was nie, maar wat ek wel kan sê is dat ek het net gesien dat daar mense nie meer belang gehad het in die hele ding nie.

Nee, maar u was tog op die bestuur gewees? -- Ja.

Dan sal u mos weet. Het julle probeer om weer vergaderings te hou of wat het julle gemaak? -- Ons het nie probeer om nog vergaderings te roep nie. Ek weet nie hoe om dit te beskryf nie, maar ek kan liewers vir die hof sê ons het net belang verloor in die hele ding.

MNR. JACOBS : Die vergaderings van MASO wat jy bygewoon het, het julle die onderwyskwessie daar bespreek, swartonderwys? -- Ja.

Het julle dit beskou as 'n minderwaardige onderwysstelsel soos dit ook algemeen genoem word as "gutter education"? -- -- Nee, dit was nie ons beskrywing gewees van die onderwys nie, maar ons het dit wel gesien dat dit van minder waarde was.

Het julle daar besprekings gevoer en beplanning gedoen dat dit vervang moet word? -- Nee, onthou nie van iets wat ons gedoen het met die oog daarop om dit te laat vervang word nie.

Het julle nie ondersteuning gegee aan die sogenaamde "education charter" nie? -- Ek het nie van "education charter" geweet nie. Dus onthou ek op geen stadium dat ons daarvan gepraat het nie.

Het jy nooit gelees dat COSAS hom beywer vir die "education charter" nie? -- Ek onthou nie dat ek so iets gelees het nie.

Maar jy verkies dan vir COSAS sonder dat jy geweet het waarvoor hulle staan. Is dit wat jy wil hê die hof moet glo? -- Ja.

Omtrent die prefekte-stelsel. Julle het geweet dit was die Departement van Onderwys se stelsel of beleid dat daar prefekte moes wees en nie studenterade nie? -- Omrede dit alreeds vir ħ lang tyd gedoen was daar ħ prefekte-stelsel in werking gestel is in elke jaar, het ons dit aanvaar dat dit die beleid van die departement was dat daar prefekte moet wees.

En het julle ook geweet dat die departement het teenstand gebied teen die afskaffing van die prefekte-stelsel? -- Hoe?

Dat die Departement van Onderwys wou nie toestem tot studenterade nie, maar hulle het voortgegaan om steun te verleen aan die prefekte-stelsel? -- Wat dit betref het ek nie geweet dat die departement wou voortgegaan het met die prefekte-stelsel nie.

Het jy nie geweet dat die onderwysers kan niks doen aan die stelsel nie, dat dit vir die regering was om te besluit daaroor? -- Nee, ek het gedink dat die onderwysers in staat was om iets te doen daaromtrent.

Weet jy of daar ħ verandering toe ingekom het, of studenterade ingestel was of toegelaat was op skole? -- Ek kan nie meer so goed onthou wat dit betref nie.

Die persoon Mokete Mangope het hy nie vir jou volledig ingelig hoekom wil julle studenterade hê nie? -- Nee.

Wat/...

Wat het hy vir jou gesê omtrent studenterade? -- Wat hy aan my verduidelik het met betrekking tot die SRC's was dat dit is 'n liggaam wat gekies word deur die skoolkinders om die skoliere te verteenwoordig.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat wat gebeur het is jy was al die tyd vertroud met studenterade, die stryd oor studenterade? -- Nee.

En as lid van die aksiekomitee wat vir MASO gekies was het julle die studente opgesweep op die kampusse, op die skoolterreine deur gebruik te maak van hierdie sogenaamde prefekte wat julle verwerp en die studenterade wat julle wou gehad het? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie, want die skoolkinders het alreeds gehoor en hulle was daarvan bewus dat hulle ly onder hierdie prefekte-stelsel. Elkeen het geweet wat die prosedure is. Dit was dus nie nodig gewees vir iemand anders om nog iets by te sê nie, want almal het geweet.

Van wie het julle gehoor van hierdie prefekte-stelsel en die probleme wat dit bring? -- Die prefekte-stelsel het al die tyd bestaan by die skole en ons het eers daarvan bewus geword as ons by 'n hoërskool kom. 'n Mens sou gekyk het eers vir die eerste jaar en goed ondervinding opdoen oor wat daar gebeur met hierdie stelsel. So, na die eerste jaar of gedurende die loop van die eerste jaar, sal almal weet waarvoor die prefekte-stelsel daar was.

En na die tweede jaar dan sal julle begin werk teen die prefekte-stelsel? -- Nee, dit is nie so nie. Wat gebeur het is dat as 'n persoon in die tweede jaar kom, dan vind hy homself in hierdie posisie dat hy nie van die prefekte-stelsel hou nie as gevolg van wat die persoon alreeds

gesien/...

gesien het in die stelsel.

En dan begin hy agiteer teen die prefekte? -- Al begin jy nou nie om te agiteer teen die prefekte nie, al bly jy net bly, want partykeer help die ding van loop en praat ook nie, dan bly jy net stil, maar jy weet binne-in jou self wat jou houding is teenoor hierdie ding.

Is dit nie so nie dat op 11 Februarie 1985, die oggend dat julle het, jy inkluis, het geagiteer daar teen die prefekte en die studente daar opgesweep? -- Ek weet nie wat u bedoel met "julle" nie, maar die antwoord wat ek kan gee sal net betrekking hê op my as persoon. Ek weet nie van ander mense nie.

Wat ek bedoel met "julle" is jy en die ander lede van COSAS in daardie skool? En ook MASO? -- Soos ek alreeds gesê het op die datum van 11 Februarie 1985 het ek nog nie geweet van die bestaan van MASO nie. Daar was ook geen aanduiding gewees dat daar 'n skoliere-organisasie bestaan het nie en wat daar gebeur het volgens my by daardie tyd het net daar plaasgevind omdat dit daar was en dit het daar plaasgevind.

Is dit reg dat en ek wil dit aan u stel dat daar was 'n spesifieke opmars beplan gewees vir daardie dag? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En dit was beplan gewees dat julle sou na die ander skool toe gaan en hulle ontmoet en dan sou julle verder gaan na die ander skole toe? -- Soos ek gesê het alreeds, wat gebeur het op hierdie dag van 11 Februarie is dit wat ek alreeds vir die hof genoem het. Wat die optog betref wat daar voorberei was, dit weet ek nie van nie.

Wie het gesê julle moet na die ander skool toe gaan,

Kananelo/...

Kananelo Skool toe gaan? -- Dit was ħ groot klomp skoolkinders daar bymekaar. Ek het nie gesien wie die persoon is wat dit gesê het nie, want die persoon het van tussen die klomp gepraat.

Hoe het julle geweet Kananelo Skool sal bereid wees om julle stryd by julle skool vir prefekte te steun? -- Ons het nie daarvan geweet nie. Ons het hulle net gaan vra soos ander skoliere, want ons is maar almal skoolkinders wat bymekaar kom.

Is dit korrek op daardie stadium was die onderwysers by julle skool bewus daarvan dat julle ontevrede is met die prefekstelsel, dat julle studenterade wil hê? -- Ek sal nie kan sê nie. Ek weet nie of hulle dit al opgelet het of nie. Ek kan nie daaroor getuig nie.

Was dit nie algemeen bekend daar by die skool dat julle is ontevrede met die prefekstelsel nie? -- Ek self sal nie kan sê nie. Ek kan nie sê of hulle nou alreeds daarvan bewus geword het nie. Dit kan wees dat hulle miskien met die ander kinders gepraat het wat toe vir hulle daarvan gesê het, maar nie waarvan ek bewus is nie.

HOF : Het die agitasie of kreet om SRC's bestaan by julle skool voor 11 Februarie? -- Al kan ek dit nie met sekerheid sê nie, vermoed ek so dat dit wel alreeds daar was.

Beteken dit dan dat u vir die eerste keer van SRC's gehoor het op 11 Februarie, uself? -- Nee, soos ek al vroeër gesê het, ħ vriend van my het vir my kom sê dat hy gehoor het van ħ organisasie bekend as SRC wat beteken dit is skoolkinders wat gekies is deur ander skoolkinders.

Wanneer het hy dit gesê? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie, maar dit was voor hierdie dag.

MNR. JACOBS/...

**MNR. JACOBS** : Is dit die laaste wat jy gehoor het van SRC's en dit is op daardie dag toe die vriend vir jou vertel het en dan weer op 11 Februarie 1985 die volgende keer? -- Ja, as ek reg onthou is dit die posisie.

Nee, ek vra nie of u reg onthou nie, ek vra of dit so is? -- Ja, dit is so.

Dit is nie so dat toe ꞌn week voor dit onderwysers gepraat het dat die 11de sal die prefekte aangekondig word dat daar toe ꞌn gemor was nie? -- Daar was wel ꞌn gemompel gewees maar op daardie tydstip was daar geen melding gemaak van die SRC's nie.

Wat is gesê toe daar so gemor en gemompel is? -- Daar was gesê dat die volgende week sal daar name genoem word van die persone wat gaan dien as prefekte.

Ja, maar ek vra wat is daar gemor? Wat is gesê in die gemompel en gemor? -- Daar was nie eintlik duidelike woorde gebesig nie. Die gemompel waarvan ek praat is byvoorbeeld as ꞌn kind wil praat oor iets, maar hy praat nie en hy sê "mmmm", dit is al.

Is dit net ꞌn paar van hulle wat dit gedoen het of het die hele skool se kinders wat daar bymekaar gekom het dit gedoen? -- Ek sal sê as gevolg van die geluid wat duidelik was dat ꞌn mens dit kon hoor, het die meeste van die skoolkinders daaraan deelgeneem.

Jy ook? -- Ja.

Jy was ontevrede? -- Ja.

En jy was ꞌn leier onder die studente daar gewees? -- Nee.

Jy was gekies op MASO so jy moes ꞌn leier gewees het daar? -- Nee.

Jy het in die kringe beweeg van die ander mense wat

gekies/...

gekies was op MASO. Is dit nie reg nie? -- Ek het betrokke geraak met MASO na al hierdie gebeure plaasgevind het.

HOF : Wie was die voorbok of voorbokke in die agitasie vir SRC's? -- Die antwoord sal baie moeilik wees. Ek weet nie van ɦ persoon wat ek kan sê ɦ voorbok of voorbokke was van hierdie aangeleentheid nie, want wat my betref almal van ons as skoliere wou die SRC's gehad het. Dus het ons almal die stappe geneem.

Wie was die voorbok of voorbokke wat die optog voorgestel het? -- ɦ Voorstel is gemaak deur iemand wat ek nie kon sien wie hy was nie en almal het dit aanvaar en by die skoolhek uitgegaan met die oog daarop om weg te gaan na daardie ander skool toe omdat ons dit goedgekeur het sonder om te weet wie die persoon is.

Wie was die voorbokke met die stigting van MASO? -- Voor die dag van die vergadering wat die komitee gekies is weet ek nie, want ek het van ɦ vriend gehoor dat daar so ɦ vergadering gehou gaan word en die verkiesings gehou sal word by die vergadering. So, ɦ komitee is daar gekies, maar voor daardie komitee gekies is, weet ek nie wie die persone was wat daarvoor gewerk het nie.

MNR. JACOBS : Voor die 11de is dit nie daar op die skoolterrein bespreek met die ander leerlinge dat daarso die kwessie van eerder studenterade as prefekte nie? -- Ek sal antwoord wat my betref. Dit het gebeur dat ek met mense daar praat op die skoolpersele oor die SRC's. Wat dan gebeur het is dat ɦ mens alreeds iets gehoor het van die SRC'S sou dit met iemand anders daar bespreek het sommer onder mekaar die twee van hulle of miskien drie. Nie dat daar ɦ vergadering geroep was om dit te bespreek nie, nee.

Het/...

Het jy dit met ander studente bespreek en vir hulle gesê hoe ŉ goeie ding is ŉ SRC? -- Ek was nie die enigste persoon wat daarvan bewus was nie. Dit kon gewees het dat daar nog ŉ ander persoon is wat daarvan weet wat dan besluit nee, die beste keuse hier vir ŉ persoon is die SRC.

Maar hoekom antwoord jy nie my vraag nie? -- Ek dink ek het die vraag geantwoord.

Ek het gevra of jy dit gaan bespreek het en vir ander mense gesê het wat is die voordele van die SRC? -- Die antwoord wat ek gegee het dink ek is relevant op die vraag, want ek het iets gesê in daardie verband.

Gaan jy vir die hof sê of jy dit gedoen het of nie? -- Die antwoord wat ek gegee het dui daarop dat ek erken dat ek wel gesels het met die mense daaromtrent.

Het jy van mense tot mense rondgegaan en vir hulle gesê hoe goed is die SRC's? -- Nee, nie op daardie manier nie.

Nou hoe het jy vir hulle vertel van die SRC's? -- Ek het nie vir hulle gesê nie. Ons het gesels soos mense wat mekaar ontmoet en begin praat.

Jy sien, dit is vir my baie eienaardig, julle is ontevrede met die prefekstelsel, julle wil SRC's hê, dit is nou hier algemeen bekend onder julle dit is die SRC wat julle wil hê, hoekom het julle dan nie na die hoof gegaan en julle wens aan hom oorgedra nie en vir hom gesê "Kyk, ons wil nie meer prefekte hê nie, ons wil nou SRC's hê"? -- Dit is wat gebeur met al die skoolkinders daar op die perseel. Hulle het so gevoel teen hierdie prefekte-stelsel, maar dit was baie moeilik gewees vir een, sommer een persoon om die hoof van die skool te gaan aanspreek daaromtrent, want by daardie tyd moes jy baie dapper gewees het om dit te kan

doen/...

doen, want by die skole op daardie stadium het hulle nog geslaan. Met ander woorde, om die lat te vermy, sou ʼn mens nie maklik die skoolhoof genader het nie.

Maar hoekom het julle nie ʼn afvaardiging van die skool gekies en gesê "Kyk, ons het sekere klagtes" nie? -- By daardie tyd het dit nog nie in ons gedagtes gekom nie. Ons het eers later daarvan bewus geword na die hoof van die skool vir ons daarvan gesê het dat ons eintlik so moes gedoen het.

Want dan verstaan ek dit nog minder as julle nou so bang is vir slae en alles, dat die hele skool nou ten minste wegloop van die skool af? -- Soos ek sê by daardie tyd was daar niemand gewees wat so dapper was om die skoolhoof te gaan aanspreek nie, maar wat my betref as ʼn persoon, as jy nou pakslae kry saam met die ander, dan is dit nie so moeilik vir jou om daardie straf te vat nie.

Julle was oor die elfhonderd kinders in daardie skool? -- Ek dink so, ja.

Toe julle so onder mekaar gepraat het en besluit het dat elfhonderd van julle spreek die hoof aan, dan is dit mos nie net een wat slae kry nie? -- Soos ek alreeds gesê het wat op 11 Februarie 1985 gebeur het was nie vroeër alreeds gereël nie, want as daar enige reëlings was daarvoor, sou daar sekerlik iets dan gereël gewees het oor wie sal wat doen en wanneer, maar omdat dit net daar gebeur het terwyl ons daar was, was daar geen so ʼn reëling gewees nie.

Hoe het julle geweet Kananelo Skool sal julle help? -- Ons het vriende wat op skool is te Kananelo. Mense wat ons van weet dat hulle ook nie tevrede is met die prefektestelsel nie. Met ander woorde, dit as ʼn rede het ons toe

daaraan/...

daaraan gedink dat hulle moontlik ook deel sal kan neem aan hierdie.

Wie is hierdie vriende van Kananelo skool wat ook nie tevrede was met die prefekstelsel nie? -- Heelwat baie mense wat aan my goed bekend was by daardie tyd wat te Kananelo Skool was wat nie tevrede was met hierdie stelsel nie. Ek sal net nie in staat wees om almal se name nou te kan noem nie.

Is dit van die mense wat gekies was, is van hulle op die - die mense van Kananelo wat gekies was, op MASO? -- Die enigste persoon wat ek geken het op hierdie komitee van MASO wat op skool was te Kananelo was George Mokotjane.

Maar antwoord my nou net, is van hulle gekies op die komitee? -- Nee, net een persoon wat aan my bekend was. Dit is hierdie een wat ek nou net genoem het. Die ander was nie.

Wanneer het julle skool met die mense van Kananelo Skool samesprekings gevoer dat julle nou geweet het hulle is ook ontevrede met die prefekstelsel? -- Nee, dit was nie ȟ kwessie van ons skoolkinders wat na Kananelo toe gegaan het om dit te bespreek nie. Wat ek sê is dat byvoorbeeld ȟ vriend van my wat in die nabyheid van my woon daar in die lokasie loop skool in Kananelo en tussen ons twee gesels ons nou daar en dan hoor ek van die vriend dat die persoon ook nie van hierdie prefekte-stelsel hou nie.

Jy sien, jou antwoord net nou was gewees "Ons het van ons vriende by die Kananelo Skool gehoor dat hulle ook ontevrede was." Wie is die "ons"? -- Ek moes eintlik myself hier duidelik gemaak het. Wat ek wil sê is op pad vanaf die skool sal ek ȟ vriend raakloop wat by Kananelo is en

die/...

die vriend is miskien in die geselskap van iemand anders en ek loop ook saam met iemand, sal ons saam stap. In daardie stap begin ons toe gesels van hierdie ding. Dit is wat ek bedoel as ek sê ons.

HOF : Kom ons kry nou ŉ paar name. Ons is nou besig om rond te val. Wie in Kananelo Skool was ontevrede met die prefekstelsel met wie u gepraat het? -- Ek kan miskien die name onthou en nie die vanne nie.

Ja, gee maar die name. -- Selemeng is een van die mense wat ek van praat wat saam met ons geloop het, Setshiro, Basie. Ek kan nie meer die ander onthou, wie hulle was nie.

Ek kan nie begryp hoe die mense julle sou kon help by julle skool as julle hulle nou gaan haal het en teruggebring het na julle skool toe nie. Wat kon hulle vir julle help? -- Dit is wat in ons gedagtes gebeur het dat ons gedink het die mense sal ons kan help, maar ons was nie slim genoeg om verder te dink aan watter manier sal die mense ons kan help as hulle hiernatoe kom nie.

Ek begryp dit nie. Julle is darem almal in matriek? Wou julle die hoof intimideer? -- Nee, dit was nie almal matriekkinders wat daar was nie.

Ek maak die opmerking omdat u sê julle het nie verder gedink nie. Julle was nie slim genoeg om te dink hoe hulle julle kon help nie. Wou julle die hoof intimideer met daardie klomp mense? -- Nee, dit was nie in my gedagte gewees nie.

Wat moes hulle dan kom doen? -- Wat in my gedagte aangegaan het was dat as skoolkinders nou bymekaar kom en dit sou dan ŉ versterking gewees het van die gevoel dat die kinders nie van die prefekte-stelsel hou nie. Hulle wil

dit nie hê nie.

Terwyl die skoolhoof en die onderwysers eintlik niks daaraan kan doen nie? -- Wat ek gedink het is dat as hy sien dat ons so baie is en sê dat ons nie van hierdie ding hou nie, sal dit miskien aanvaar word en beter verstaan word al het ons nie veel te sê gehad oor skooldinge nie.

Toe julle daar uit die skoolperseel gegaan het, was die polisie daar? -- Nee, ek het nie polisie gesien toe ons die perseel verlaat nie.

Is dit nie so nie dat die kinders was baie kwaad gewees daardie oggend van die 11de? -- Ek het dit nie opgelet dat die kinders baie kwaad was nie. Al wat ek kan sê is dat hulle geskreeu het.

Ja, hulle het aangehou skreeu. Op en af geloop en geskreeu? -- In die loop het hulle geskreeu.

Laat ons dit nou net duidelik kry. Wat se loop praat jy nou van?

HOF : U het begin met die optog en u gaan uit die perseel uit en u vra of hulle toe die polisie gesien het. Nou is haar gedagtes by die optog. Nou bring u haar weer na die deurmekaarspul in die skoolterrein.

MNR. JACOBS : Ek het haar gebring of hulle kwaad was voordat hulle weggegaan het en toe het sy die antwoord gegee dat hulle het geskreeu. Nou vra ek vir haar. Op die perseel self, was daar 'n geskreeuery voordat julle begin loop het, op en af lopery? -- Ja, daar was 'n geskreeuery gewees net voor ons die perseel verlaat het.

En 'n op en af lopery op die perseel? -- Ja.

En 'n geskreeuery dat hulle wil nie prefekte hê nie? -- Ja, dit is reg.

En/...

En ћ geskreeuery hulle wil SRC's hê? -- Ja.

En hulle gaan nie die prefekte wat daardie dag aangekondig is aanvaar nie? -- Nee, al wat daar geskreeu was, was dat ons nie die prefekte wil hê nie, ons wil hê daar moet ћ SRC wees.

En hierdie geskreeuery was so hard gewees, die hoof en al die onderwysers het gehoor julle wil nie prefekte hê nie, julle wil SRC's hê? -- Ja.

En daar was ћ hele deurmekaarspul gewees? -- Ja.

En dan moes die mense mos kwaad gewees het as hulle so te kere gaan? Dit is nie normaal nie? -- Ja.

En toe hulle by die perseel uitgegaan het en geloop het, het hulle nog altyd geloop en skreeu hulle wil SRC's hê? -- Ja, dit is reg.

Hulle was dan altyd kwaad gewees? -- Ja.

Dan wil ek die vraag herhaal wat die hof netnou vir jou gevra het, maar ek wil iets byvoeg. As julle nou hier dan so op die perseel en af van die perseel af so hard geskreeu het julle wil nie SRC's hê nie, julle wil nie prefekte hê nie, julle wil SRC's hê, hoe dan? Die hoof en die onderwysers moes dit tog gehoor het? Hoe dan moes hierdie ander skool julle kom help het? -- Die mense in ons skool, naamlik die hoof en die onderwysers het niks gedoen as ћ teken om aan te dui aan ons dat hulle dit al gehoor het nie. So, op daardie stadium, toe ons die perseel verlaat het, het ek dit nog goed gesien dat dit reg was dat ons uitgaan.

So, op daardie stadium het julle dit ook ingesien en gesê kyk, die hoof en die onderwysers wil niks doen oor ons klagte nie? -- Dit was my siening gewees, ja.

Ek stel dit aan jou dat wat gebeur het is, daar was

soveel/...

soveel oproer daar gewees dat die hoof die polisie moes ontbied het en dat die polisie daar opgedaag het?

HOF : Waar?

MNR. JACOBS : By Bodibeng Skool? -- Indien hy wel die polisie ontbied het, was dit miskien gewees omdat hy verbaas was as gevolg van die geraas van die kinders.

En dat die polisie daar opgedaag het terwyl julle besig was om 'n optog op te stel op die perseel en in die straat? -- Ek het nie polisie gesien nie.

En dat julle het daar rond gedans terwyl julle in die optog gegaan het en julle het ook klippe opgetel daar? -- Ek het dit nie gesien gebeur nie.

Die polisie het julle gevolg tot by Kananelo Skool? -- As die polisie ons opgevolg het, het ek nie daarvan bewus geword nie. Ek het eers van die polisie se teenwoordigheid bewus geword terwyl ons alreeds by Kananelo Skool was.

MR BIZOS : Is it being put that stones were thrown at her school and thereafter the police followed them?

COURT : It is not so. It is merely said that stones were picked up.

MNR. JACOBS : Toe julle nou by Kananelo Skool kom, wie is die mense van daardie skool wat uitgekom het om met julle skool se mense te praat? -- Met ons aankoms daar het ons gevind dat daar kinders was buite. Of dit nou tyd was vir die kinders om uit die klaskamers uit te kom, weet ek nie.

HOF : Antwoord net die vraag. Wie het met julle gepraat? -- Wat daar gebeur het met ons aankoms is die volgende. Van Bodibeng se kinders wat heel voor was by die klomp wat by Kananelo aangedoen het, het geskreeu na die kinders van Kananelo wat daar buite was, dat ons moet vra vir die

SRC's/...

SRC's of die bestaan daarvan moet begin vra en van die kinders daar binne op die perseel van Kananelo het geantwoord op die versoek wat hardop geskreeu was van ons kant af, Bodibeng se kinders.

MNR. JACOBS : Is dit al wat die persoon hardop geskreeu het? -- Ja.

Niks verder nie? -- Ek onthou nie dat hy iets verder as dit gesê het nie.

Wie is die persoon? -- Ek het alreeds gesê dit was gedoen deur die mense wat heel voor van ons kinders. Ek was nie voor gewees nie. Ek het nie gesien wie die persoon is wat praat nie.

Kon u sien wie antwoord hom op hierdie versoek? -- Die antwoord was ook hardop geskreeu vanaf die klomp wat uit die klaskamers was te Kananelo.

Waar was hierdie klomp gewees? -- Dit is die klomp wat die klaskamers verlaat het. Ek neem aan toe hulle die geraas gehoor het, het hulle besluit om die klaskamers te verlaat.

Nou vra ek weer vir jou waar was die klomp gewees? -- Die klomp was aan die agterkant van die klaskamers gewees, want die rigting waarvandaan ons gekom het, het ons die klaskamers van Kananelo van agter af genader.

Was hulle daar op die speelgronde, op die grond agter die klaskamers in ħ groot groep gewees? -- Ja, agter die klaskamers.

Is dit by ħ hek? -- Ja.

En daarvanaf het hulle aangesluit by julle? Van daardie hek af deurgekom en by julle aangesluit? -- Ja, hulle het toe begin uit die hek uitkom en toe by ons aangesluit.

Wat/...

Wat het daardie persoon van hulle geantwoord toe hy geskreeu het uit hulle groep uit? -- Dit is nie net 'n persoon alleen wat daarop geantwoord het nie. Dit was persone gewees wat in antwoord gesê het ja.

Bedoel dit hulle gaan ook vir SRC's vra of wat was die antwoord? -- Ja, dit was eintlik wat hulle bedoel het.

Hoekom sluit hulle dan by julle aan?

HOF : Is die staat se saak dat hulle nie aangesluit het nie?

MNR. JACOBS : Nee, hulle het aangesluit, maar die rede wat hulle gee is anders.

HOF : Maak dit saak? Waar gaan ons heen met die saak? Die vraag wat ons moet beslis in hierdie saak is of daar UDF en meer in besonder hierdie beskuldigdes se betrokkenheid was op Kroonstad daardie dag. Dit is waarmee ons eintlik besig is. Die fyner detail van hoe twee skole saam gaan stap het in die straat interesseer my baie min.

MNR. JACOBS : Maar daar word getuienis aangebied dat in hierdie geval sou die polisie nou daarso geskiet het. Dit gaan oor geloofwaardigheid ook en die waarskynlikhede van haar getuienis. Ek sal dit net aan haar stel in die algemeen dat hierdie ding was gereël gewees, daardie mense het vir julle daar gewag en daar by julle aangesluit? -- Nee, dit het nie op daardie manier gebeur nie.

En daarvanaf het julle verder gestap en die polisie het julle nog gevolg. Daar was geen skietery van traanrook op daardie plek gewees nie? -- Nee, die skietery het onmiddellik daar begin.

En ek stel dit aan u, hierdie storie wat jy vir die hof vertel van die skietery van die traanrook wat daar plaasgevind het, is omdat jy nie vir die hof verder wil vertel

hoe/...

hoe dat julle verder gegaan het na die besighede toe nie, maar dat dit vir jou ʼn geleentheid gee om weg te kan hardloop? -- Ja, ek het gehardloop tot op ʼn sekere punt waar ek water gevra het om my gesig te was en toe verder huis toe gegaan.

Gehardloop? -- Ja.

En jou huis is nie baie ver van daardie skool af nie?

HOF : Watter skool?

MNR. JACOBS : Kananelo Skool.

HOF : Ek het gedink sy woon naby Bodibeng.

MNR. JACOBS : Sy het gesê sy het weggehardloop van Kananelo Skool af na haar huis toe en dit is in Seeisoville as ek reg onthou.

HOF : Ek het ook van haar verstaan, maar vra maar vir haar dat sy naby Bodibeng Hoërskool woon.

MNR. JACOBS : Woon jy naby Bodibeng Hoërskool? -- Ja, ek woon naby Bodibeng.

En Kananelo Hoërskool? -- Kananelo is ʼn entjie ver vanwaar ek woon.

Nie baie ver nie? -- Dit is ver, want Kananelo is in Phomolong en my huis waar ek bly is in Seeisoville heel onder.

Hoe lank neem dit jou om te loop van jou huis na Kananelo Skool toe? -- Omtrent vyf-en-veertig minute.

Want u het gesê dat die aanval van die polisie was net na 09h00 gewees en u het omtrent 11h00 by die huis gekom. As u gehardloop het nog, hoekom het dit u twee ure geneem van die skool af na jou huis toe? -- Soos ek sê, ek het by ʼn plek aangedoen waar ek water gevra het om my gesig mee te was. Na ek dit gedoen het, het ek nog vir ʼn rukkie daar vertoef, want ek was bang ek gaan weer in die traangas

hardloop/...

hardloop en ʼn persoon wat besig is om te vlug, het nie die tyd om nog ʼn keuse te maak watter pad is die kortste pad nie. ʼn Mens wat vlug hardloop het in die rigting wat hy sien is veilig vir hom.

Nou-nou het jy vir die hof gesê jy het jou gesig gewas en toe het jy weer weggehardloop. Nou verander jy dit en sê jy het ʼn rukkie gewag. Wat is die waarheid nou? -- Ja, maar die vorige vraag het dit nie vir my nodig gemaak om nog breedvoerig vir u te kan sê of ek ʼn rukkie daar vertoef het nie, maar hierdie een is noodsaaklik dat ek dit moet noem.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MAMOKHELE MIRIAM SEBETOANE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ek stel dit aan u dat hierdie getuienis dat die polisie daar gekom het en traanrook op julle geskiet het is iets wat jy uit jou duim suig, want die getuienis was in hierdie hof dat van daardie skool af het julle wegbeweeg na ʼn volgende skool toe en die polisie het julle gevolg en daar was nie traanrook gevuur nie en dit was nooit in kruisondervraging aangeval nie, hoegenaamd nie? -- Wat ek hier vertel het is wat ek gesien het.

Jy sê ook vir die hof dat daar het mense verby gekom by jou huis nadat jy by die huis gekom het? -- Ja.

Het hulle gehardloop? Gevlug? -- Hulle het gehardloop.

En die winkelsentrum sê jy is nie ver van jou huis af nie. Dit is Seeisoville s'n? -- Ja.

Kan jy dit sien van jou huis af? -- Nee, nie van my huis af nie.

Het jy nie die skote gehoor wat daar geval het by die

winkelsentrum/...

winkelsentrum nie? -- Nee.

Waarvoor het hierdie mense dan gehardloop en gevlug? -- Ek weet nie.

As die winkelsentrum so naby aan jou huis is, dan moes jy tog seker die skote gehoor het? -- As ek sê dit is naby bedoel ek ek sal nie lank vat om by die winkels te kom te voet nie.

So, ek stel dit aan jou dit was nie 'n kwessie dat jy 'n entjie gehardloop het van die skool af nie, maar jy was saam met daardie mense wat die winkels aangeval het? -- Ek sê dit is nie so nie.

Het jy enige padversperrings gesien? -- Nee.

Het jy enige polisievoertuie sien beweeg? -- Nee.

Het jy enige plekke gesien wat brand dat daar rookkolomme in die lug gaan? -- Nee.

Daar by die winkelsentrum, was twee persone daar doodgeskiet? -- Watter winkelsentrum?

Seeisoville? -- Ek het nie daarvan gehoor nie.

Hoe het Joseph Matches aan sy einde gekom?

HOF : Wil u nou hoorsê op rekord plaas?

MNR. JACOBS : Ek los dit dan daar. Kyk, die begrafnis van Matches, daar was duisende mense daar. Is dit reg? -- Ja.

En toe u daar aankom sê u was hulle alreeds aan die wegbeweeg van die huis af? -- Ja.

Was daar baie karre wat die lykstoet uitgemaak het? -- Ja, ek het baie karre gesien.

En agter die karre was daar ook baie mense? -- Ja, aan die kante van die stoet.

Was agter die karre mense gewees, agter die stoet wat die karre uitmaak? -- Ja.

Baie/...

Baie? -- Ja, daar was baie mense by hierdie begrafnis gewees. So, daar was baie gewees.

En het jy ingeval by die mense agter die karre of het jy ingeval by dié wat langs die karre geloop het? -- Aan die kante van die voertuie.

Was jy aan die voorkant, die middel of agterkant van die voertuiggedeelte? -- Van die mense wat op die kante was, was ek in die middel van daardie mense.

In die middel van die voertuie dan ook? -- Nee.

Het die mense wat langsaan geloop het, nie dieselfde lengte gevorm as dié voertuie-optog nie? -- Volgens my skatting voor my kon daar vier of vyf voertuie gewees het wat die stoet gevorm het.

Bedoel jy nou met die stoet, die lykswa gevolg het? -- Ja, dit is reg.

Was daar ɦ lykswa? -- By Matches se begrafnis het ek nooit ɦ lykswa gesien nie.

Nooit een gesien nie?-- Nee, ek het nie.

Wat sal jy sê as die verdediging dit gestel het dat daar ɦ lykswa was. Is dit heeltemal verkeerd? -- As dit daar was, daar was baie voertuie gewees, sou ek nie in staat gewees het om elke voertuig te sien wat daar is nie.

Die lyk, hoe was hy dan vervoer gewees? Was hy gedra gewees deur mense? -- Die lyk was op ɦ bakkie gewees.

Was dit net in die kis op die bakkie alleen gewees? -- Op die kante van die kis met die lyk was daar mense gewees.

Wat het hulle gedoen? -- HUlle het die kis gedra toe ek na hulle gekyk het.

Hoe het hulle hom gedra? -- Op die skouers.

Was dit jong mense gewees? -- Ek kan nie meer onthou

of dit jong of ou mense was nie.

Het jy van hulle geken? -- Nee, hulle was nie naby my gewees dat ek kon sien of ek iemand herken daar nie.

Dit is dan net vier voertuie van jou af. Dit is mos naby van jou af? -- Ja, dit is vier voertuie na vorentoe, maar u moet nou nie vergeet nie, voor my was nog ander mense. Daar was heelwat baie mense by hierdie begrafnis.

Het die mense jou uitsig belemmer of wat? -- Nie altyd nie, Af en toe het hulle my uitsig belemmer, ja.

Maar dan moes jy mos gesien het wie is die mense. Hulle is nie so ver van jou af nie? -- Nee, ek het nie opgelet nie. Dit kan wees dat ek nie veel ag daarop geslaan het nie.

Het hulle T-hempies aangehad? -- As ek reg onthou was hulle net gekleed in gewone klere.

Jy self het jy ŉ T-hemp aangehad? -- Nee.

Is dit reg, jy kan nie vir die hof sê wat agter jou gebeur het in die optog nie, of daar mense gebare gemaak het teenoor die polisie nie en of daar mense was wat T-hempies aangehad het nie. Jy kan nie sê nie? -- As mense iets gedoen het in die polisie, dalk het hulle dit in stilte gedoen, dat ek nie ŉ geluid gehoor het nie, want indien hulle iets gesê het dat ek kon hoor, sou ek natuurlik omgekyk het om te sien wat gebeur het.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, dit is nou net ŉ manier wat jy uitdink om vir die hof te sê daar het niks gebeur nie, want jy kan dit nie sê nie, want daar was ten minste ŉ gesingery gewees? -- Daar was ŉ gesingery gewees, dit is reg. As hulle dit gedoen het, tussen die gesingery, mense wat sing en mense wat ŉ ander geraas maak, kan jy die verskil uitmaak van die twee.

En/...

En ek wil dit ook aan jou stel dat daar was ook meer
mense agtertoe tussen jou en die mense agter as wat daar
vorentoe was waar jy nie eers altyd die lyk kon gesien het
K1209 nie? -- Ja, daar was baie mense.

Jy kon nie alles sien wat daar gebeur nie? -- Ek kon nie alles sien nie.

Ook nie alles hoor nie, want dit was geweldig baie mense? -- Ja.

Het jy vir mnr. Dennis Bloem gesien daarso? -- By die begraafplaas, ja.

En in die stoet? -- Nee, ek het hom nie gesien nie.

By die begraafplaas ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Gaan u weg van die stoet af?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ja.

<u>HOF</u> : Het die mense gesit of gestaan op die bakkie wat die kis omhoog gehou het? -- Op ŉ stadium het hulle gestaan en op ŉ ander stadium het hulle gesit.

En elke keer wat hulle sit of wat hulle staan hou hulle die kis bo hulle skouers? -- Dit het vir my voorgekom wanneer hulle sit dat hulle dit neergesit het.

<u>MNR. JACOBS</u> : By die begraafplaas self, wanneer het u die polisie opgemerk en waar? -- Op pad na die begraafplaas toe toe ons nou net reguit geloop het na die hek toe van die begraafplaas het ek bewus geword van die polisie aan die kant van die pad voor ons by die hek van die begraafplaas gekom het.

Bedoel dit dieselfde pad as waarop julle geloop het, het julle by die polisie verby geloop? -- In dieselfde straat van die begraafplaas net op die kant.

Moes julle by die polisie verby loop? -- Ja.

Waarin/...

Waarin was die polisie gewees? Het hulle net daar gestaan of was hulle in voertuie? -- Van die polisie was in die voertuie gewees en van hulle het sommer daar op die grond gestaan.

En is julle verby hulle? -- Ja, ons is.

By die kerkhof, toe jy in die kerkhof ingegaan het in die perseel van die kerkhof ingegaan het, het jy polisie op daardie stadium gesien? -- Ek het nie die polisie op daardie stadium gesien nie.

As daar op daardie stadium polisie binne-in die kerkhof was, sou hulle gesien het? -- Ek glo amper nie dat ek hulle sou gesien het nie.

Hoekom nie? -- Want op die stadium wat ek die begraafplaas binne gegaan het, was daar alreeds baie mense wat op die grond van die begraafplaas was. Die plek was al vol gewees.

Maar as daar nou van hierdie groot hippo voertuie van die polisie binne-in op die perseel was sou jy hulle gesien het? -- Ja, ŉ hippo sou ek gesien het.

En daar was nie so iets nie? -- Nie wat ek gesien het nie.

Ook nie ander voertuie van die polisie nie? -- Soos ek alreeds gesê het, op daardie stadium het ek nie die voertuie gesien nie.

Wanneer het jy die polisie die eerste keer gesien by die kerkhof? -- Dit is net toe ons weggaan.

Toe jy weggegaan het. Waar was jy op daardie stadium toe jy hulle gesien het. By die hek of waar? -- Toe ek hulle vir die eerste keer gesien het, was dit eintlik voor ek by die hek gekom het.

En waar was die polisie toe? -- Daar is bome daar

naby/...

naby die hek. Hulle was in die nabyheid van die bome.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Binnekant of buitekant? -- Binnekant.

HOF : Met ŉ voertuig of te voet? -- Hulle het langs voertuie gestaan.

MNR. JACOBS : Hoeveel voertuie? -- Omtrent twee van die geel voertuie.

Die geles, is dit nou hippo's? -- Nee, dit is hierdie groterige bakkies.

HOF : Is dit vangwaens? -- Ja. dit is vangwaens maar hulle verskil in grootte. Daar is kleineriges, dan wat groter is en dan die heel grootste.

Wat het u gesien? -- Die middel grootte.

MNR. JACOBS : Is dit dié met ŉ staalbak of is dit ŉ jeep? -- Nee, ek weet nie wat is ŉ jeep nie.

Is dit hierdie gewone soort wat die polisie elke dag gebruik wat in die strate ry en patrolleer, wat bekend is as ŉ vangwa, wat agter ook toe is waarin die prisoniere gesit word? -- Nee, hierdie wat ek van praat is die voertuie wat gebruik word deur die polisie wat bekend staan as "riot squad."

En die voertuie was nie daar toe jy by die kerkhof ingegegaan het, die hek by die kerkhof ingegaan het nie? -- Nee, ek het nie die voertuie daar gesien nie.

Het jy gesien wanneer hulle daar ingekom het in die kerkhof se perseel? -- Nee.

Is dit nie so dat die polisie op ŉ stadium - ek stel dit aan u dat die polisie was buitekant die perseel gewees? Op ŉ stadium het die polisie nader gekom met daardie voertuig, met ŉ jeep van buite die perseel na die draad toe? En

daarvanaf/...

daarvanaf oor ŉ luidsprekerstelsel die mense gewaarsku om uiteen te gaan, dat die tyd van die begrafnis verstreke is? En dat hulle tien minute gegun word om daardie begrafnis af te handel? -- Soos ek alreeds gesê het, dit waarvan ek gepraat het, is wat ek daar gesien en alles wat ek daar gesien het.

Is dit nie so dat daar wel hippo voertuie ver buitekant die begraafplaas gestaan het, ŉ hele ent vanaf die draad nie? -- Soos ek gesê het, ons het die voertuie wat ver gestaan het verbygegaan op pad na die begraafplaas toe.

En daardie voertuie het nader beweeg na die kerkhof toe en buitekant die perseel van die kerkhof daar in die veld gestaan? -- (Getuie talm om te antwoord)

Wat is jou moeilikheid? Hoekom antwoord jy nie? -- Dit is mos nie ŉ vraag nie.

Betwis jy dit of betwis jy dit nie? -- Ek sal nie kan verduidelik wat later toe daarvan geword het, hoe hulle daar gekom het nie. Ek het hier vertel van wat ek gesien het.

Toe die polisie begin skiet het, het jy op daardie stadium enige van hierdie groot voertuie, die hippo's en daardie groot polisievoertuie gesien? -- Ja, daar was baie van daardie voertuie net buite die perseel by die begraafplaas.

Wanneer het hulle nou daar buitekant gearriveer? -- Ek weet nie wanneer hulle daar gekom het nie, maar toe ons uit die perseel gaan van die begraafplaas, was die voertuie alreeds daar.

Buitekant? -- En binnekant ook.

Maar binnekant was net die twee "Vans". Is dit nie reg nie? -- Ja.

Volgens jou getuienis? -- Ja.

En/...

En van hierdie groot voertuie het glad nie in die perseel ingekom nie? -- Nee, ek het nie die groot voertuie op die perseel gesien nie.

Dan stel ek dit aan jou die polisie het teruggegaan daardie eerste keer en hulle het ʼn tweede keer gekom en die mense gewaarsku om uiteen te gaan en toe vir hulle nog vyf minute gegee? -- Verwag u ʼn antwoord?

Ek sal seker nie vir jou onnodige vrae vra nie. Wil jy antwoord of wil jy nie antwoord nie? Jy moet asseblief antwoord en nie sulke snaakse vrae aan die hof vra nie? -- Ek verstaan dit net soos ʼn verklaring wat ek maak, want ek het nie die polisie daar gesien weggaan en terugkom nie.

By die graf het toe ʼn groot klomp mense gestaan toe die polisie traanrook geskiet het, omtrent meer as driehonderd mense wat daar om die graf was? -- Ek weet nie hoeveel mense nog by die graf was toe die traanrook geskiet is nie. Wat ek wel kan sê is dat ons was gesê om almal weg te kom daar, dat daar net ʼn paar moet oorbly wat die graf toegooi.

En in die perseel van die kerkhof, was daar ook nog baie mense gewees voordat hulle by die hek uitgegaan het? -- Op daardie stadium was daar nie baie mense gewees op die begraafplaas nie, want die meeste mense was al uit die hek gewees na buite.

Van hierdie duisende mense was daar nog baie gewees, al was die meeste van hulle miskien al uit, wat nog daar op die perseel was? -- Hulle was nie soveel soos die mense wat al uit was nie.

Sal jy saamstem as enigiemand sê dat die agterste mense wat laaste uit die begraafplaas uitgegaan het, behalwe die wat by die graf agtergebly het, was al omtrent honderd-

en-vyftig/...

en-vyftig treë weg buitekant die begraafplaas se hek, dan is dit ook heeltemal verkeerd en dit op die stadium toe die traanrook gegooi is? -- Ek kan nie ŉ skatting gee nie. Ek was een van die mense wat heel agter was. Ons was om en by by die uitgangshek gewees toe die traangas geskiet is.

Maar nog nie uit nie? -- Ja.

En is dit reg, soos julle beweeg het, was daar ŉ hele stroom mense, julle moes wag om uit te kom omdat daar so baie mense was. Julle moes stadig gegaan het na die hek toe? -- Die meeste mense was al uit. Eintlik was die meerderheid van die mense besig om in die voertuie te klim, terwyl die ander weggestap het.

Antwoord nou maar net my vraag. Soos julle beweeg het, waar jy nou in die agterhoede was, moes julle stadig op beweeg na die hek om uit te kom omdat daar baie mense voor is wat uitgaan? -- Ja.

By die graf self, beskuldigde nr. 20 het ŉ T-hempie aangehad, nè? -- Ja.

Van UDF? -- Ja.

Het hy gepraat oor UDF daar? -- Nee, ek het nie gehoor dat hy iets sê oor die UDF nie.

En as enigiemand in hierdie hof sou getuig het dat hy wel iets gesê het, hy en mnr. Bloem, albei van hulle, oor UDF, wat dan? -- Nee, maar ek het hier kom getuig oor wat ek gesien het en wat ek gehoor het. Nie wat iemand anders gehoor het of gesien het nie.

Beteken dit dan hy het daaroor gepraat, maar daardie deel het jy nie gehoor nie? -- Ek sê ek was by gewees. Wat ek kon hoor het ek gehoor vanwaar ek gestaan het, want ek kon hoor wat hy praat. Ek het hom nie gehoor daarvan praat

nie.

U het gesê hy het gesê in die toekoms as daar enigiets is wat die mense nie tevrede stel nie, dan moet hulle met daardie persoon gaan praat oor die ding wat hom nie tevrede stel nie, verwysende na die winkeliers. Is dit reg? -- Ek sal nie sê dat hy oor die winkeleienaars gepraat het as hy dit gesê het nie. Wat ek sê is dat hy gepraat het oor enigiets waarmee mense nie tevrede was nie.

Na watter mense het hy spesifiek hier verwys op hierdie begrafnis? -- Ek dink dit was gemik op ons, die skoliere, in Kroonstad, insluitende die inwoners.

Wat se gesprekke moes die skoliere dan gevoer het met die winkeleienaars? -- Nee, ek weet nie van so ŉ gesprek nie, dat daar ŉ gesprek moes gewees het tussen die winkeleienaars en skoliere.

Hoekom het die skoliere die winkels aangeval? -- Nee, ek weet nie hoekom die winkels aangeval was nie.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel dat julle, jy en die ander mense wat ek reeds vroeër genoem het wat op die bestuur van COSAS was en die bestuur van MASO, dat julle het die skoliere daar georganiseer, die mense in daardie woonbuurtes teen die outoriteite, eerstens die onderwysoutoriteite, teen die swart plaaslike besture se outoriteite en dat julle hulle gelei het in die optogte in samewerking met hulle met die hele konsep van UDF se beplanning? -- Op 11 Februarie was ek nog nie eers op hoogte van wat gebeur het met MASO en enige ander organisasie nie. So, ek kon nie enige deel gehad het aan dit wat gestel word nie. Ek dra geen kennis daarvan nie.

Is dit reg dat daar is ŉ aanval geloods daardie dag

van die 11de op die huis van die burgemeester van Seeisoville? -- Ja, na dit het ek dit gehoor.

En die burgemeester, is sy huis naby julls huis? -- Nee, dit is in Phomolong.

HOF : Wat is die naam van die burgemeester? -- Caswell Koekoe.

MNR. JACOBS : En dieselfde dag ook, 11 Februarie 1985 is raadslid Nkomonde se huis afgebrand? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie en ek ken hom nie eers nie.

Is dit reg dat dieselfde dag is daar ook raadseiendom beskadig, onder andere vier trekkers en 'n biersaal? -- Dit is alles waarvan 'n mens gehoor het eers na hierdie dag.

En is dit reg dat winkels en eiendom is aangeval in Constantia, Phomolong en Ou Lokasie? -- Ek het eers daarvan gehoor na die dag van die 11de.

Is dit reg as 'n mens van Kroonstad, die dorpsgebied, die blankegedeelte daarvan kom en jy kom nou na die woonbuurt toe, dan gaan jy verby die administrasiekantore met die pad eerste? -- Ja, dit is so.

En daarvanaf as jy verby die administrasiekantore gaan en jy gaan aan, dan ry jy deur die ou lokasie na Seeisoville toe? -- Daar is twee paaie wat 'n mens kan gebruik om in daardie swartwoonbuurt in te kom. Daar is een wat jy gebruik waar jy eers die administrasiekantore verby moet gaan en dan hoef jy nie deur die ou lokasie te gaan om by Seeisoville uit te kom nie. Dan is daar een, as jy deur die ou lokasie begin het, dit wil sê die tweede pad wat sommer direk in die ou lokasie gaan, as jy daardie pad gebruik na die ou lokasie, gaan jy by die administrasiekantore verby om verder in die lokasie te kom.

Is dit nie reg dat daardie pad loop van Seeisoville

na/...

na Phomolong toe nie? -- Ja.

En dit is ŉ teerpad? -- Ja.

Terwyl die ander een, die tweede pad wat jy van gepraat het is nie ŉ teerpad nie? -- Nee.

En as jy met hierdie pad kom, waar jy by Ou Lokasie ingaan ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hierdie pad is watter pad?

MNR. JACOBS : As jy met die teerpad kom, net voor jy ingaan dan kry jy Tuxeido. Nee, laat ek net kyk of dit reg is. Eintlik as jy kom vanaf die administrasiekantore, dan kry jy die stopstraat naby Himalaya Stores? -- Nee, ek ken nie Himalaya Stores nie.

HOF : Hy is nie so groot soos die berg nie. -- Nee, ek ken hom nie.

MNR. JACOBS : Ken jy die haarkapper daar in Ou Lokasie? -- Ja, ek ken dit.

Wie s'n is dit? -- Ek weet nie.

Dit is mos by Himalaya Stores?

HOF : Daar is seker baie haarkappers.

MNR. JACOBS : In Ou Lokasie.

HOF : Ken u die Cold Stretch haarkapper? -- Ek weet van ŉ plek by die haarkappers in die ou lokasie. Dit is die plek wat deur u verwys word na as die Himalaya Store. Dit is die haarkapper se plek.

MNR. JACOBS : So, jy ken hom dan? -- Ja, volgens die beskrywing deur u. Dit is die plek wat ek ken as haarkappers daar.

En daardie plekke is oop en hulle doen besigheid? -- Ja, daar is winkels in daardie straat.

HOF : Maar dit is nou nie ŉ antwoord nie. Daardie haarkapper is hy langs ŉ algemene handelaarsbesigheid? -- Ja, as ek

reg/...

reg is is dit tussen twee winkels geleë.

Daardie twee winkels waartussen hy geleë is, en die haarkapper self, is hulle nog in besigheid op hierdie stadium? -- Ek is seker van een. Ek weet nie van die res nie, want ek gaan nie gewoonlik in die ou lokasie in nie. So, ek kan nie sê nie.

MNR. JACOBS : En daardie teerstraat waarvan ons gepraat het, as jy oor die robot gegaan het wat na Seeisoville toe gaan, loop vlak voor daardie winkel verby, Himalaya Stores en die haarkapper. Dit is 'n stopstraat eintlik? -- Ja.

En dit is ook die pad wat die bus loop? -- Ja.

En jy maak seker taamlik baie gebruik van daardie bus? -- Ek gebruik huurmotors.

Is dit nie ook die pad wat die huurmotors loop nie, die teerpad? -- Die huurmotors gebruik beide paaie. Die teerstraat en die ander een.

Maar die een wat hulle verkies en wat hulle die meeste ry is natuurlik die teerstraat en nie die ander een wat swak is en klippe en al sulke goed in het nie? -- Daar is eintlik geen pad met teer daar nie. Die enigste teer kom tot by die administrasiekantore. Daar by daardie punt verby kry jy glad nie 'n teerpad nie.

Ek wil hê jy moet kyk na hierdie foto's wat ek nou vir jou wil toon. Dit is BEWYSSTUKKE CA26.2, CA26.3 en CA26.4 en stel ek dit aan jou dit is foto's binne-in die gebied, nie net tot by die administrasiegebou nie, maar binne-in. Kyk net daarna? Sien jy hulle? Stem jy saam? -- Maar ons praat hier van die ou lokasie. Hierdie gedeelte as ek reg sien is Seeiso.

Jy het gesê daar is net teerstrate tot by die

administrasiekantore/...

administrasiekantore. Is dit reg? -- Nee, maar ek het al die tyd verstaan dat ons praat van as ŉ mens inkom vanaf Kroonstad die dorp na die lokasie toe waar ŉ mens ŉ teerpad kan gebruik.

Kom ons maak net eers hierdie klaar. Stem jy nou saam dat daar is teerstrate binne-in die woongebiede? -- Ja, in Seeisoville is daar.

En stem jy saam dat aanvanklik in jou getuienis toe ek gepraat het oor die ou lokasie en die roete daarso, het jy erken dat daardie pad wat daar inkom tot by die stopstraat en dan verder gaan is ŉ teerpad? -- Ja.

Nou sê jy daardie getuienis is vals? -- Nee, ek het verstaan ons praat van die ou lokasie as ŉ mens van die dorp Kroonstad af gekom het, dat by daardie gedeelte sal jy net ŉ teerpad kry by die kantore. Andersins is daar geen ander teerpad in die ou lokasie nie.

Stem jy saam dat huurmotors is heelwat duurder as busse? Die vervoer daarvoor, om daarmee te ry? -- Ja.

En maak jy elke dag van ŉ huurmotor gebruik? -- Ja, as ek dorp toe of waarheen ook al gebruik ek huurmotors.

En jy is ŉ persoon wat nie eers ŉ inkomste het vir die afgelope paar jaar al en sonder enige vergoeding werk, het elke dag geld om vir ŉ huurmotor te betaal? -- Ek ry nie elke dag met ŉ huurmotor nie.

Wat ry jy dan? -- Ek maak gebruik van huurmotors as ek dorp toe gaan of as ek na ŉ lokasie toe gaan wat baie ver is. Andersins hier in die woonbuurt waar ek is, loop ek te voet as ek enige werk daar moet doen.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS</u>: Die komitee waarvan jy ŉ lid was, jy sê dit is ontbind na COSAS verban is? -- Ja.

Is/...

Is jy deur die polisie aangehou? -- Ja, in Oktobermaand.

Wat van die ander lede van die komitee? -- Ek weet nie. Hulle was miskien by die huise waar hulle woon.

Dra u kennis of een of ander van hulle aangehou was gedurende Augustus of Septembermaand? -- Al wat ek onthou is dat hulle daarvan gepraat het dat die polisie hulle pla by die huise waar hulle woon.

Was dit voor of na u aangehou was? -- Voor en na ek aangehou was.

HOF : Sal u net ħ bietjie kyk na hierdie twee dokumente. Kyk eers na die eerste een. Die eerste een is CA27. Dit is die inventaris of kwitansie wat u gekry het van die polisie toe hulle die dokumente by u geneem het in Augustus 1985? Ek sien op die dokument die eerste item is een folio Bodibeng Students Representative Council, BSRC. Wat was dit? -- As ek reg onthou was dit persone se name wat daarop geskryf was, wat dan beskou kan word as verteenwoordigers van Bodibeng se skoolkinders.

Dus, daar was ħ SRC? -- Ja, op ħ sekere tydstip het dit gebeur dat daar ħ versoek was dat elke klas mense moet kies wat die klas sal verteenwoordig.

Dit is nou nie van ħ klas nie, dit is blykbaar van die skool? -- Ja, die prosedure wat daar gesê was is die volgende, dat elke klas mense moet kies wat as verteenwoordigers gaan dien vir daardie betrokke klas. Dit wil sê die mense wat gekies is by die klasse as verteenwoordigers het dan bymekaar gekom en dan die SRC gevorm.

Wanneer is dit ingestel? -- Na ons teruggekeer het na die skool, dit wil sê dit was die tyd na die onluste van die 11de.

Sou/...

Sou dit in Maart wees of in Februarie of wanneer? -- As ek reg is sal dit in Maartmaand wees.

So, is daar dan in Maart amptelik deur die skoolhoof 'n SRC toegestaan? -- Ek weet nie of dit amptelik was nie, maar wat gebeur het is dat ons was gesê om die mense te kies.

Maar deur wie was u gesê? -- Die hoof van die skool het dit gesê.

En het daar vanaf Maart 'n SRC gefunksioneer? -- As ek reg onthou, die laaste daarvan wat ek geweet het is toe die mense gekies was. Ek het nie bewus geword van enige werk wat hulle uitgevoer het nie.

Ja, maar u moes tog een of ander funksie daar gehad het want u het blykbaar die name gehad op 'n dokument. Was u naam daar by? -- Nee.

Nou hoekom het u die name gehad? -- Ek het die mense se name neergeskryf omdat ek wou geweet het wie hulle is as een van die skoliere.

En daar het niks weer gebeur nie? -- Nee, ek onthou nie.

Maar dit was mos nou 'n groot deurbraak, hierdie as die skoolhoof 'n SRC toestaan en u noem dit selfs die Bodibeng Students Representative Council. Dit kan tog nie sommer doodloop en u onthou daar niks van nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het niks gesien nie of bewus geword van enige ding wat hulle gedoen het na hierdie verkiesing.

Sal u kyk na CA28. Wat sê u van die volgende stelling. As dit beweer sou word dat CA28 is 'n brief of 'n konsep brief aan 'n blad vir publikasie onder 'n skuilnaam, die skuilnaam synde African Queen? -- Ek verstaan dit. Soos ek alreeds gesê het, dit was nie bedoel vir ander mense nie.

U sien, ek stel dit aan u omdat dit vir my eienaardig is. As h mens net jou eie notas maak sommer vir jouself, waarom skryf jy dan daar onder "Real name" en dan jou eie naam en jou volle adres? -- Dit is maar net h gewoonte van my. Meeste van die tyd, as jy gewoond is aan h ding, is dit baie min dat jy kan dink dat iemand anders daaraan h ander vertolking kan gee as wat jy in gedagte gehad het.

Waarom skryf u u naam en adres volledig onder sommer notatjies? -- Dit is my gewoonte. Soos ek alreeds gesê het, dat as ek iets geskryf het vir myself, dan skryf ek heel onder dat ek die eintlike skrywer is.

U het vir ons vertel u skoolorganisasie was MASO? -- Dit is reg.

Hoekom skryf u dan vir u eie notas "My skoolorganisasie is COSAS"? -- Soos ek alreeds gesê het, dit het ek geskryf in die volgorde wat ek dit in h koerant gesien het en ek het toe nie daaraan gedink dat iemand anders dit ook in die hande sal kan kry en verder wil weet daarvan hoekom dit so geskryf is nie.

MNR. BIZOS : Op die heel laaste lyn van BEWYSSTUK CA28 waar jy skryf "My school organisation is COSAS", maar tussen die woord "is" en "COSAS" lyk dit of u iets anders daar begin skryf het. -- Ja, ek sien dit.

Kan jy daardie twee - wat is dit wat jy daar wou geskryf het en dit daarna uitgekrap het? -- Ek kan nie meer onthou wat ek besig was om te skryf wat ek daar doodgekrap het nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

K1210 MR BIZOS : Before calling the next witness, I am asking for leave to hand in a further application for bail for the

three/...

three accused that are in custody. The main submission in them, and they are short papers, is that in view of the restriction of the activities of the United Democratic Front a change of circumstances has arisen to enable us to make this further application. I have only served the papers a very short while ago on the state. I am handing then in at this stage. I do not suppose the state will be in a position to give your lordship an indication how much time they will want to deal with it, but we would ask your lordship in due course to put the state on terms in relation to it, so that we can reply as soon as possible after their answer.

MASIZA SHERLOCK MHLAPO, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Mhlapo, do you live at 339 Seeisoville, Kroonstad? -- Yes, I live in number 330 Seeisoville.

And were you there during 1984 and 1985? -- Yes, I was there.

What work were you doing there? -- I am working in my father's butcher.

And where is that butcher shop situated? -- In Phomolong.

Is that a suburb of the black area known as Maokeng? -- Yes, that is so.

During 1984/85 were you a member of any political organisation? -- No.

You have passed St. 9 I understand? -- Yes.

During 1984 was there any UDF presence in Maokeng? What I mean by presence is, were there UDF meetings held there, were there any UDF processions held there, was there a visible UDF presence there? -- No.

Have you ever been aware of any COSAS presence in

Maokeng during 1984 or 1985? -- No.

COURT : What is your age? -- 29.

MR BIZOS : Did you become aware of MASO, the Maokeng Students Organisation? -- Only after the disturbances.

Which disturbances are you speaking of? -- The disturbances I am talking about is when places were set alight, vehicles turned upside down in Maokeng.

COURT : On 11 February? -- Yes.

1985? -- Yes.

MR BIZOS : What did you hear about MASO?

MNR. JACOBS : As die getuie nie persoonlike kennis van die plek het nie, dan maak ek beswaar as daar dan hoorsê getuienis aangebied word.

COURT : Does he know about MASO personally? If not, on what basis is it permissible?

MR BIZOS : Except that if there was a profile, how does one prove, I have heard prosecutors over and over asking "Do you know such an organisation?" I always had difficulty with the question, but one can establish from the residents whether there - what they heard about this organisation once they heard about it.

COURT : And then, what does it prove?

MR BIZOS : I will leave it at that. In - did you have a community council there in Maokeng? -- Yes, we did have community councillors.

Were you aware of any campaign during 1983 or 1984 that people should participate in the council elections or that any campaign calling up on councillors to resign - were you aware of any such campaign? -- No.

Did you hear that whether or not certain councillors

resigned? -- After the disturbances I heard of that, yes.

Let us come to the disturbances on 11 Februarie 1985. Where were you on that day? -- I was at work.

Were you expecting any trouble to break out on that day as a result of any public statements that were made or any information that you received? -- No, I did not expect anything.

What time do you start - do you open your butcher shop? -- 05h30.

And during the course of the morning, the early morning, did you see any children going to school? -- Yes, I saw them.

Was there at the time that they were going to school - were they going about it the way they did it every day or in any different manner? -- It was in a normal way.

When did you become aware for the first time that things were not normal in your living area? -- Between 10h00 and 10h30.

What did you see or hear or both? -- I heard some noise from the direction of Kananelo School. Children making noise while running in my direction as if something had happened there.

After you heard this, did you see anything? -- I saw the police coming after the children shooting.

Shooting what? -- Teargas.

What did you do? -- Of the running children, some went past, some came into the butcher shop.

What did they do in the butcher shop? -- They did not do anything except to say they were shocked.

How many children came into your butcher shop? -- Between ten and fifteen.

What did you do? Did you say anything to them? --

Do/...

Do you mean the children?

Yes? -- After some time - after some minutes which could be about ten to fifteen minutes, I then asked these children if there was anyone of them who wanted to go home immediately. That I asked because some teargas was shot at the butcher shop, although it did not land in the shop. The smoke thereof got into the butcher shop.

What happened then? -- They then said it will be better for them to go home, as a result of which then I opened for them to go out of the butcher shop and they ran home.

COURT : You opened the door? -- Yes, I opened the door.

MR BIZOS : What were the children wearing? -- School uniform.

Any of them wearing UDF or COSAS T-shirts? -- No, not from those.

COURT : How far were you from Kananelo School? How far is your butcher shop from Kananelo School? -- It is not very far although it is a distance. I cannot tell how many metres it is from there.

Can you see the school? -- No, I cannot.

Why can you not say how many metres? Is it kilometres then? -- No, it cannot be kilometres.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

K1211 MASIXA SHERLOCK MHLAPO, still under oath

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Mhlapo, why did these children come into your shop? Did you form any impression there? -- I did not ask them. I realised that this was the nearest shop in which they could get in. That is why they decided to come into the shop.

Why did you think they came into the shop? What did they do? -- Why I think like that is because I realised that

the police were about to catch up with some of them and as a result they decided to run into the shop.

You told us that you let them out? -- Yes, that is what I did.

Were the police in the immediate vicinity of your shop when you let them out? -- Not in the immediate vicinity of the shop, although it did happen that the police at some stages passed in front of the shop, but not in the immediate vicinity.

What did you do when the children left your shop? -- I went out. When I came there outside I noticed that the shops, all the other shops were closed then, as a result of which I decided to close as well, because I realised that nobody will ever come and buy in such a situation.

Could you give his lordship some idea of the time, firstly when the children came into your shop, secondly when they went away and the time that you saw that the shops were closed?

COURT : It was 10h00 and 10h30 - between 10h00 and 10h30 when the children came in and then after ten or fifteen minutes they left.

MR BIZOS : I am sorry, I did not remember whether I had asked that. When you closed your shop, what did you do? -- I went home.

Did you walk home? -- Yes, I had to walk.

Did you see whether any of the shops near your butcher shop were damaged at that stage? -- No, there was no damage to any of the shops at that time.

How many shops are there in the immediate vicinity of your shop? -- I would not know exactly how many there are,

but/...

but I can estimate them to be about fifteen.

COURT : Is this Phomolong? -- Yes.

Called Phomolong shopping centre? -- Yes.

MR BIZOS : On your way home did you see any obstructions on the road? -- No, not at the time that I was going home. There was none.

COURT : Do you live in Phomolong? -- No, I live in Seeiso.

MR BIZOS : Can you give us some idea in football lengths possibly how far away your home in Seeisoville is from your shop in Phomolong? -- Five to six times the length of the soccer field is the distance from the shop.

COURT : We will make that five hundred to six hundred metres. Would you care to guess how many soccer fields away is the Kananelo School from your shop? -- About three times the length of a soccer field.

Three hundred metres.

MR BIZOS : What time more or less did you get home? -- Between 11h00 and 11h30.

And did you stay there all the time or did you go back to your shop? -- I went back to the shop in thirty minutes' time after having arrived at home.

Either on your way home or on your way back to your shop, did you pass anywhere near the Seeisoville shopping centre? -- Yes, I went past that area.

Did you actually go past the shops themselves or not? -- Not right at the shops but I went past that area.

Did you see any trouble in the area that you covered near the Seeisoville shopping centre? Did you see anything burning or any looting having taken place, people carrying things away at that stage? -- No, I did not see that.

COURT : Could you see the Seeisoville shopping centre? -- Yes, I could see the shops.

MR BIZOS : Were they opened or closed? -- I am not in a position to tell. All I could see from where I was is the buildings of the shops. I could not see whether they were closed or opened.

If anything was burning at the Seeisoville shops at that time, would you have seen it, that the shops were burning? -- Yes, I would have.

Did you see anything burning? -- No, I did not see anything burning.

Did you get to your shop in Phomolong? -- Yes, I did.

Did you see anything unusual there when you arrived? -- Yes.

What was going on there? -- There was a shop which was burning and some of the shop's windows were broken.

Which shop was burning? -- Johnny's Fish and Chips was the writing on that shop.

To whom did that shop belong? -- According to me it belongs to that person whose name was written on the shop.

Johnny, where does he come from? -- I only heard that he is originally from Welkom.

Is he a councillor? -- No.

How many shop's windows were broken? -- I would not remember exactly how many of the shops were broken or windows were broken. There were quite a number of them that had broken windows.

Did your shop have broken windows? -- No, it did not.

Were there other shops whose windows or the windows of which were not broken? -- Yes, there were shops whose

windows/...

windows were broken. Those are the shops which had burglar proofing.

Let me see if I understand it correctly. You say that shops that had burglar proofing, the glass windows were not broken? -- Yes, according to what I saw.

COURT : Did they have shutters? -- Yes.

MR BIZOS : Let me see if we understand correctly. When you look at your shop, can you see any glass when it is closed? -- Yes, you can.

Do you know the difference between burglar proofing and shutters? -- No, I do not know that.

You see, a shutter is it covers all the glass and you cannot see that there is glass there. Did your shop have anything like that? -- No, not that. What I am talking about as a burglar proofing is, the material thereof is more of a diamond mesh fence made of steel.

COURT : Fine mesh? -- Yes, it is a fine mesh. What happens is, you can see through the openings of that kind of a fence but a stone cannot go through that fence to hit the window-pane.

Unless it is very small? -- Yes.

MR BIZOS : Were there any shops with just bars? -- Yes, there were.

Could you give us some idea, if you can remember, whether those that only had bars, whether those windows were broken or not? -- Yes, those with bars, the window-panes were broken.

Was there any stock missing from any of the shops? -- No, that I could not see, because I did not go into those shops. I just went past there. In passing I could see that the shops were broken.

Here/

Were there any people around this fire that was going on or in the shops? -- Yes, there were people there moving into different directions to and fro.

Doing what? -- Not doing anything.

Did you see anybody looting the shops? -- No, I did not see that.

Was there any police presence there at the time that you arrived at the shopping centre? -- Yes, there were police present there also moving into different directions.

What did you do then? -- I had thought I was going to open the shop, but on arrival there I realised that things have not changed. I therefore decided to go back home.

You left your shop closed? -- Yes.

Did it come to your notice whether or not anyone was killed on the 11th? -- I do not quite remember whether I heard of this the same day of the incident or the following day. All I can say is I did hear that somebody was killed.

Did you get to know the name of the person that was killed? -- The surname I knew. I did not know the name.

What was the surname? -- I heard that the surname was Matches.

Did you know the family? -- No, I did not know them.

Did you go to the funeral? -- Yes, I did.

Why? -- I had gone to this funeral with the view of going to pass my condolences to the family of the deceased and secondly I felt the pain when it was said that this person died because of the police action, that the police shot him. When I had to think back to what happened the other day when the children ran to my shop.

Did anybody from the UDF ask you to go or from COSAS

or/...

or did you want to make any political statement by going there? -- No.

Did you know that Mr Lekota was going to speak at this funeral? -- No, I did not know.

Did you know Mr Lekota before 18 February 1985? -- Yes, I knew him.

From what or as what? -- I knew him from his home. I used to visit his younger brother at his home.

On the morning of the 18th, did you go to the home of the deceased?-- No, I did not go to the deceased's home.

Did you take part in the funeral procession? -- Yes, I did.

Can you tell us more or less where you joined the funeral procession? -- I joined the funeral procession after it had passed the police station.

COURT : Was it then already halfway to the cemetery? -- It was still far, still in Seeiso.

MR BIZOS : Is the police station in Seeiso? -- Yes, this is in Seeiso.

Did you join it after the procession had passed the police station or was coming to the police station or before ... (Court intervenes)

COURT : *He said "I joined the procession after it had passed the police station."*

MR BIZOS : Did you see the coffin passing by? -- Yes, I did see it.

What was it on? -- On a van.

Were there any people on the van? -- Yes,there were.

What were they doing on the van? -- They were just standing on the back of the van.

Were/...

Were they carrying the coffin when you saw them? -- When they passed me where I was waiting to join this funeral procession at the back, they were not carrying it. It was on the bakkie itself.

Did you see them carrying it at any other time? -- Yes, I did.

Whilst on the bakkie or did they take it off the bakkie? -- They were lifting it while they were still on the van themselves.

Did you see how these people on the van were clad? What clothes they were wearing? -- I would not remember in what they were clad. All I can say is, they were clad in their clothes.

Did you notice whether any of them had UDF or COSAS T-shirts? -- No.

What sort of coffin was it? -- Do you mean the colour or what?

COURT : Does it now become relevant, because we have not had this sofar?

MR BIZOS : There was a suggestion at one stage that it was draped in a banner.

COURT : Will it make a difference to the coffin, because the question as formulated may lead to an answer whether it is a pine coffin or a teak coffin.

MR BIZOS : Was there any cloth over the coffin? -- I only became aware of the cloth at the graveside. When they passed me there, there was no cloth.

What was the cloth that you saw at the graveside? -- It was a white cloth on which there was black writing.

Do you recall whether the word COSAS was on that

cloth? -- All I remember that it was written in English which meant the following. "Ha re Lwane re tlile ho boloka" and then something about SRC.

COURT : Could we have the original English back, please? -- Shall I have to quote what was written in English?

Yes? -- "We are not fighting. Just to bury the dead." Then there was some writing "SRC". I cannot remember what was being said about SRC.

MR BIZOS : Whilst you were waiting there near the police station, did you see any women lifting their skirts or mis-behaving in any way provoking the police? -- I have told the court here that I have only joined this funeral procession after it had passed the police station.

COURT : Did you join it from behind or did you wait on the side while it passed you and see the whole length of it? -- I was waiting at the corner of a street which joined the main street in which they were travelling. So, while waiting there, they walked past me until I joined right at the back.

MR BIZOS : Whilst you were watching them passing by and did you notice any misbehaviour on the part of any women or any-one else? -- No, I did not see that.

Was there singing? -- No.

Did you follow them all the way to the graveside? -- Yes, I did.

Did you follow the service? -- Yes, I did.

Who started the service? -- Two religious ministers.

Did you see Mr Bloem there? -- Yes, I saw him.

Did you know him? -- Yes, I knew him.

What did you know him as? -- I knew him as a resident of Maokeng.

Did you know that he had a shop? -- Yes, I knew that he had a shop.

Is his shop in Maokeng? -- The shop is in Maokeng at an area called Brentpark which is occupied by coloureds.

Had you ever been to his shop? --No.

What was Mr Bloem wearing? -- A UDF T-shirt.

Did you see Mr Lekota there? -- Yes, I saw him.

What was he wearing? -- He also had a UDF T-shirt on.

Had you seen Mr Bloem shortly before the funeral? -- It was quite some time that I last saw him.

When you say some time, how much time was it? -- I do not quite remember.

COURT : Are you talking of months or years? -- Months.

MR BIZOS : After the ministers, did anyone speak? -- Yes.

Who? -- Mr Lekota.

Can you recall what he said? -- Yes, I can.

What did he say? -- He passed condolences to the family of the deceased saying "We are very sorry about what happened to this young man whom we do not know whether he was going to be a leader in future in the sense of being a minister or religion, a teacher or a medical doctor."

Carry on. Please tell us what you heard? -- He then further said that he heard about the disturbances which had taken place in Maokeng during which the shops were set alight, vehicles were set alight and some were overturned, saying further that some of the shops were looted and further said himself and his organisation, namely the UDF feel very much against what had been done against these people who did that, namely the damage caused to the shops and the vehicles and the looting of the belongings of the people.

Do/...

Do you recall if he said anything else? -- He further said that time is no very little for us to be still here and therefore the rest of the people shall have to leave so that just a few must remain behind in completing to fill the grave.

Do you recall whether Mr Lekota said anything else? -- He further said if this kind of behaviour was caused by the presence by the police there, this is not the way to do things. Yours is to sit down and discuss whatever is a dispute.

Did anyone else speak? -- Yes, Mr Bloem.

Can you recall what he said? -- He was speaking in Afrikaans. I cannot recall what he said. In fact I did not follow exactly what he was saying.

At the time that Mr Lekota and Mr Bloem were speaking, were there any police vehicles in the cemetery? -- Yes, there were. Even though they were some distance away from the grave.

Did you go or did you stay to fill the grave? -- I remained.

Did you start helping to fill the grave? -- Yes.

And the people around the grave, did they remain there or did they leave? -- After Mr Lekota's address, the most of the people left.

How many of you remained behind to fill the grave? -- I do not quite remember, but we were quite a few. About we could have been twenty.

What do you say to the suggestion that there were about three hundred people at the time that the grave was filled? -- No, that is not true. That is not what I saw.

Did you finish filling the grave? -- No.

Why not? -- The police started shooting.

Shooting what? -- Teargas.

And what did you do? -- We started running away.

Did you manage to get very far before something happened to you? -- No.

What happened to you? -- I felt a pain from my ankle, as a result of which I fell. I got up and proceeded running home.

In fairness to everyone, was it as a result of stepping into some uneven ground or something like that? -- Yes.

Is this whilst you were running? -- Yes.

And were you in plaster of Paris for two months after that? -- Yes.

You did not go to any of the other funerals? -- No, I did not.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : It was a sprained ankle?

MR BIZOS : Injured in some way. Sprained I suppose or dislocated.

K1212 KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U sê dat nadat beskuldigde nr. 20 gesê het die mense moet uitmekaar gaan, het hulle toe uitmekaar begin gaan? -- Ja, na hy dit gesê het, het die mense toe begin wegloop.

So, die mense het nie eers geluister na mnr. Bloem nie. Hulle het wegbeweeg? -- Party van die mense het na hom geluister. Party het alreeds begin wegstap. So, toe hy begin praat het, was die ander mense alreeds besig om weg te stap.

Was hulle alreeds uit by die hek van die kerkhof? -- Ek kan so sê, ja, maar die meeste mense was nog op die perseel van die begraafplaas toe hy gepraat het.

Daar by die graf, het die mense almal gestaan daar

of nie? -- Ek sou nie al die mense kon sien of hulle sit of staan nie, maar wat ek wel kan sê is dat die meeste van die mense het gestaan.

En ook Bloem en beskuldigde nr. 20? -- Ja.

Dit is nie ŉ kwessie dat mnr. Bloem moes opgestaan het toe hy gepraat het nie? -- Nee, dit was nie nodig nie, want hy het nie gesit nie.

En toe mnr. Bloem gepraat het was daar ŉ algemene beweging van mense en mense wat gepraat het en toe was dit ook nie meer stigtelik nie? -- Daar was mense gewees wat na hom geluister het, maar die meeste mense was al besig om weg te gaan.

Ja, dit was toe al onstigtelik want mense het geloop en beweeg en gepraat terwyl hulle gee pad? -- Is dit wat u aan my stel?

Ek vra vir u? -- Wat ek sê is dat toe hy gepraat het was daar van die mense wat nog geluister het na hom, maar die meeste was besig om weg te loop.

Nou vra ek vir u daar by, het die mense gepraat terwyl hulle besig was om weg te loop? -- Ja, hulle het gepraat, al het ek nie gehoor wat hulle sê nie, want hulle het met mekaar gesels.

Mnr. Bloem, hoe lank het hy gepraat? Net so lank soos beskuldigde nr. 20? -- Nee.

Hoe lank het hy gepraat? -- Hy het baie kort gepraat, al kan ek nie onthou hoe lank nie.

En beskuldigde nr. 20, hoe lank het hy gepraat? -- Omtrent vyftien minute.

In vergelyking met die vyftien minute van mnr. Lekota, hoe lank sal jy sê het mnr. Bloem gepraat? -- Omtrent drie

minute/...

minute.

As mnr. Bloem vir die hof sê hy het presies dieselfde gesê weer daar vir daardie vergadering as mnr. Lekota, dan kan dit nie reg wees nie, nè? -- Dit is wat hy sê. Wat ek sê is dat hy net drie minute geneem het om te praat.

En sal jy dan saamstem as hy sê hy het soveel as mnr. Lekota gepraat, dan is dit nie reg nie. Dit kan mos nie wees nie. Is dit nie so nie? -- Die rede hoekom Lekota lank geneem het is omdat daar eers mense stilgemaak moes gewees het dat hulle nie moet raas nie. Eers toe het hy begin praat. Wat Bloem betref, sal ek sê hy het net een sin gepraat, al het ek nie gehoor wat hy praat in daardie sin wat hy gepraat het nie.

Hoekom het jy nie sy sin gehoor praat wat hy gesê het nie? -- Hy het vinnig gepraat en ek verstaan nie Afrikaans so mooi nie.

O, ek dog dit was oor die geraas omdat die mense begin wegloop het en gepraat het terwyl hulle loop? -- Ek was naby hom. Die oorsaak was nie die oorsaak daarvan dat ek nie kon hoor nie.

Maar jy was mos daar in h Afrikaanse gemeenskap waarin jy groot geword het. Al die mense wat daar is kan Afrikaans praat, selfs diê wat hier in die hof getuig het? -- Ek weet nie hoe dit kom dat ek nie goed is in Afrikaans nie, maar ek ken nie Afrikaans nie.

Maar het mnr. Bloem nie ook gepraat van UDF nie? -- Nee, ek weet nie.

Maar jy sal darem ten minste hoor as hy praat van UDF en die woord UDF gebruik het? Of hy verwys het daarna of die United Democratic Front? -- Nee, dit het ek nie gehoor

nie/...

nie.

Jy sien, mnr. Bloem sê self hy het vir die mense gesê hulle moet nou weggaan, hier kom die polisie. Dit kan ook mos nie waar wees nie, want die mense was dan alreeds op pad om uit te gaan? -- Ja, die mense was al besig om weg te gaan toe hy begin praat het.

Op watter stadium het jy die polisie die eerste keer opgemerk? -- Met ons aankoms daar.

So, is dit die eerste keer wat jy die polisie gesien het? Selfs nie eers op die pad het jy enige polisiemanne gesien nie? -- Nee, ek het nie polisie gesien nie. Ek het vir die eerste keer die polisie gesien daar by die begraafplaas net buite die draad.

Was die polisie alreeds daar buitekant die draad by die begraafplaas toe julle daar aangekom het of het hulle later daar aangekom? -- Ja, hulle was.

So, hulle het vir julle gewag daar buitekant die draad? -- Ek dink so, ja.

Was dit aan dieselfde kant as die hek of was dit nou aan die sykante van die begraafplaas gewees waar hulle gewag het? -- Hulle het nie by die hek se kant gestaan en ook nie by die hek self nie, maar aan die kant.

Het die polisie ooit in daardie begraafplaas ingekom? -- Ja, hulle het.

Op watter stadium was dit? -- Terwyl ons nou net besig was om die graf toe te gooi, het hulle daar gekom.

Het hulle omgery van die sykant af na die hek toe en toe by die hek gekom terwyl die mense besig was om uit te gaan? -- Hulle het begin skiet terwyl hulle nog buite was. Na hulle begin skiet het daar buite, het hulle die perseel

binnegekom/...

binnegekom.

So, die skietery het van buitekant af plaasgevind en waarheen het hulle geskiet van buitekant af? -- Hulle het traangas geskiet.

Waarheen? Na die mense wat by die hekke is of wat? -- Toe hulle begin het om te skiet daar, het hulle op die mense geskiet wat by die graf was en toe daarna in die algemeen geskiet op die mense wat daar was.

Toe hulle nou inkom by die hek moes party mense nou seker wag vir hulle om in te kom of padgee sodat hulle dood getrap word deur hierdie voertuie nie? -- Nee, die mense was nie besig om pad oop te maak vir hulle nie. Hulle was besig om te vlug.

Maar was daar nog mense by die hek wat wou uitgaan toe die polisie inkom? -- Nee, daar was nie.

Het daardie mense dan teruggevlug in die kerkhof wat nog wou uitgegaan het? -- Toe die polisie begin skiet, was hulle buite die grens van die begraafplaas en na die skiet op die mense wat by die graf was, het die polisie toe verder in die algemeen geskiet en toe om gekom by die hek waar die mense moes uitgegaan het. Met die polisie se aankoms by die hek, het die mense wat by die hek was met die doel om uit te gaan, teruggevlug in die perseel van die begraafplaas in en toe daarvandaan begin vlug in verskillende rigtings en deur die draad gekruip en oor geklim.

Was dit baie mense wat so deur die begraafplaas gevlug het en deur die draad gekruip het? -- Ek kan so sê, ja.

Jy self, het jy ook deur die draad gevlug? -- Ja.

Onmiddellik toe die polisie geskiet het? -- Nee, dit was

nie/...

nie onmiddellik nadat die polisie geskiet het wat ek deur die draad geklim het nie, want die draad is ʼn entjie ver van hierdie graf waar ek was.

Kom ek stel dit so, dié van julle wat daar besig was om die graf te vul, die polisie het eerste op julle geskiet, volgens jou getuienis? Het julle toe onmiddellik daarvanaf gevlug na die draad toe om deur die draad te gaan om uit te gaan?-- Ja.

U sien, ek verstaan dit dan nie. Die polisie skiet onmiddellik op julle, julle vlug onmiddellik, daar is niemand wat daar oorbly nie, die ander mense is besig om weg te vlug, oor die draad, nou ry die polisie om die kerkhof en kom by die kerkhof in. Hoekom? Die mense het dan alreeds gevlug? -- Dit is omdat daar nog mense was op die perseel van die begraafplaas.

Dit is mense wat hardloop en vlug en wat deur die drade vlug? -- Ek verstaan nie.

Jy wil nie verstaan nie omdat jy nie vir die hof die waarheid vertel nie? Is dit nie so nie dat wat gebeur het daar is dat julle omtrent driehonderd was wat daar agter-gebly het by die graf wat geweier het om uiteen te gaan nadat die polisie julle gewaarsku het om uiteen te gaan?--- Nee, ek onthou nie daarvan dat daar polisie was wat ons gewaarsku het om daar weg te gaan nie.

En die skietery, was ʼn skietery op driehonderd mense wat geweier het om uiteen te gaan? Driehonderd en meer? -- Nee, dit is nie wat ek gesien het nie.

Jy sien, hier is ʼn ander interessante storie. Jy weet wat Bloem vir die hof sê? Hy sê dat terwyl hy gepraat het het die polisie al ingekom by daardie hek van die begraafplaas.

Dit/...

-- Dit is wat hy sê en ek het dit nie so gesien nie.

Maar dit is mos nou heeltemal verkeerd, want die polisie het buitekant gestaan en daar oor die draad geskiet na julle toe en omgegaan na die hek toe, volgens jou? -- Dit kan wees dat ons by dieselfde plek gestaan het, maar ongelukkig sal ons nie almal dieselfde ding sien nie.

Ken jy die getuie wat bekend staan as die "African Queen", of wat haarself die "AfricanQueen" noem? Die getuie wat voor jou getuig het? -- Nee, ek ken haar nie.

Jy weet wat sy vir ons vertel het vandag? Sy sê daar het twee - toe die mense by die kerkhof gearriveer het, was daar twee polisievoertuie wat binne-in die begraafplaas gestaan het? -- Dit is wat sy gesien het en ek het dit nie gesien nie.

Stem jy saam dit is nie so nie? -- Ek weet nie. Dit is wat sy gesien het. Ek het nie so gesien nie.

HOF : Is dit moontlik volgens u of is dit volgens u verkeerd? -- Wie is verkeerd nou?

Is dit verkeerd of reg om te sê dat daar twee polisievoertuie binne-in die begraafplaas was toe die stoet by die begraafplaas aangekom het? -- Ek het dit nie gesien nie.

Ek wil weet, is dit moontlik dat u dit nie gesien het nie omdat u nie gekyk het nie of omdat hulle onder bome weg was of omdat die terrein so is dat 'n mens dit nie kan sien nie of was hulle nie daar nie, wat u betref? -- Volgens my was die polisie daar gewees, maar nie op die perseel nie. Hulle was buite.

MNR. JACOBS : En as beskuldigde nr. 20 vir die hof sê hulle was op die perseel, wat sê jy daarvan? -- Toe ons by die begraafplaas kom, was hulle nie op die perseel van die

begraafplaas/...

begraafplaas nie. Hulle was buitekant.

Waarmee het jy na hierdie begrafnis gegaan? Het jy geloop of gery? -- Ek het per voertuig gery.

En as ek jou getuienis verstaan het jy heel agter, agter die voetgangers ingeval met jou voertuig? -- Ja.

En as ek reg is, as jy in jou voertuig sit, die mense wat voor jou geloop het, moes dan hoër as jy gewees het? -- Ja, dit is so.

HOF : Waarmee het u gery? -- Met 'n bakkie.

MNR. JACOBS : Wat se bakkie? -- Ford.

En is dit reg dat hier was geweldig baie mense, etlike duisende mense gewees? -- Ja, hulle was duisende.

Sal jy met my saamstem, hierdie optog of die stoet was omtrent seker 'n hele paar voetbalvelde se lengte gewees? -- Wat is die voetbalgrond? Waarvan praat u nou?

Ek sê die lengte van hierdie optog soos jy gesit en kyk het toe dit verby gekom het, moes seker die lengte van 'n hele paar voetbalvelde gewees het. Hierdie optog moes baie lank gewees het? -- Ja, dit kan so wees.

En van daar waar jy aangesluit het by hierdie optog of die lykstoet was die pad daarvanaf nie pen reguit na die begraafplaas toe nie, maar hy het seker om draaie ook gegaan? -- Ja, daar is draaie.

Ek vind dit baie eienaardig dat jy vir die hof kan sê dat jy so ver agter die lykswa of die lyksbakkie is en waar hy so beweeg, mense tussen jou dat jy nog kan sien die mense word opgetel, dan sit hulle die lyk neer, dan tel hulle die lyk op en dra hom? -- Nee, maar as 'n mens nou die stoet volg daarso, jy ry met 'n voertuig, jy kan vinniger beweeg as die mense wat stap. Met die gevolg dat ek dan tot agter

die/...

die voertuig gekom het wat die kis vervoer.

HOF : Maar was daar nie karre tussenin nie? -- Daar was.

MNR. JACOBS : Tot hoe ver vorentoe het jy gekom toe jy van agter af gekom het? Is dit wat gebeur het? Het jy van agter af opgegaan vorentoe na die lykswa toe, die lyksbakkie? -- Al was ek nie so naby gewees het, het ek na vorentoe beweeg.

Het jy vorentoe beweeg? Dit is al wat ek jou vra? -- Ja, ek het.

En om dit te doen moes jy tussen hierdie mense agter die karre, wat agter die karre geloop het, moes jy deur beweeg? -- Die mense wat gestap het daar het moeg geword en toe eenkant gestaan. Dit is hoe ek dit reggekry het om verby hulle te kom.

Dit was ten minste duisende mense wat daar geloop het? -- Wat te voet gestap het volgens u?

Ja? -- Ja, dit kon duisende mense gewees het.

En om deur hulle te gaan - hulle het tog seker nie almal dieselfde tyd moeg geword en opsy gestaan nie. Jy moes tog deur hulle beweeg het? Hulle moes vir jou padgee voor sodat jy kon deurgaan? -- Ja, hulle moes dit gedoen het.

En tot hoe ver van voor af het jy gekom van die lykswa af? -- Ek was omtrent agter twintig of vyftien voertuie van voor af.

Ek wil dit aan jou stel - kom ek vra jou eers so. Moes enige voertuie uit die pad gaan sodat jy verby kon kom? -- Nee, toe ons in Constantia kom, was daar fout gewees dat mense verskillende paaie gevolg het. Ek het die pad gevolg waar die voertuig met die kis beweeg het.

Dit is 'n nuwe een. Hoe kom dit dat die mense

verskillende/...

verskillende paaie gevolg het? Dit is mos een stoet wat agter mekaar beweeg? -- Wat ek daarby bedoel is die volgende. Soos die stoet nou daar beweeg het, tussen voertuie op hierdie stoet was daar voetgangers gewees en hierdie voetgangers het die voertuigbestuurders op 'n manier gehinder. Op 'n stadium het die voetgangers afgedwaal vanaf die pad wat gevolg was deur die voertuig met die kis op. Van die voertuie het toe daardie voetgangers gevolg en dus die verkeerde pad gevolg wat nie deur die voertuig met die kis op gevolg was nie. Met die gevolg dat ek aangebly het op hierdie pad wat gevolg was deur daardie voertuig met die kis op. Dit is hoe dit gebeur het dat daar twee roetes gevolg is.

Beteken dit nou dat 'n deel van die optog van hierdie stoet het heeltemal 'n ander pad gegaan en die ander deel met die kis het weer heeltemal 'n ander pad gegaan? -- Nee, dit beteken nie dit nie. Wat gebeur het is dat die voetgangers het nie die pad gevolg wat normaalweg deur die voertuie gevolg word om na die begraafplaas toe te gaan nie. Hulle het afgedwaal met 'n ander pad om gouer by die voorpunt te kom wat 'n korter pad vir hulle was om by die begraafplaas uit te kom en dan weer aan te sluit by hierdie stoet, maar daar was van die voertuie toe wat die voetgangers gevolg het in daardie rigting, waar hulle later weer by dieselfde pad sou uitgekom het en by dieselfde stoet aangesluit het.

Dit is nou vir ons heeltemal 'n nuwe een. Laat ek net vir jou een vraag nog vra oor hierdie aspek. Hoekom het jy gaan graf toegooi? Jy ken nie eers die familie nie, jy het niks met hulle te doen nie, jy weet niks van hulle nie? -- Ek kan sê dat ek daar agter gebly het omdat ek naby was en daar was so 'n versoek gerig. Nou ja, ek het besluit ek

bly/...

bly maar agter. As dit miskien was dat ek ver van die graf af was, sou ek dalk nie eers agtergebly het nie.

HOF : Is dit nie die gebruik dat die familie - jong mans van die familie die graf toegooi nie? -- Nee, volgens ons, die swartmense, kan enigeen wat voel hy wil graag gaan toegooi, dit doen.

MNR. JACOBS : En is dit nie so dat dit ook die organisasies is wat die begrafnisse beheer wat gewoonlik die graf toegooi van die swartmense nie? -- Nee, dit is nie so nie.

En dat hierdie begrafnis georganiseer was deur die COSAS mense en UDF? -- Nee, dit weet ek nie van nie.

Is dit nie daar gesê dat UDF het hierdie begrafnis gereël nie? -- Niemand het so gesê by hierdie begrafnis nie.

En is dit nie die rede waarom beskuldigde nr. 20 toe dan daar ook gepraat het op die begrafnis, hy en Bloem nie? -- Nee, ek sien dit nie as ŉ rede nie.

Is dit nie gewoonlik so dat organisasies waarmee die oorledene nou verbonde is se mense praat ook gewoonlik op so ŉ begrafnis nie? -- Nee, niemand anders het hier gepraat nie. Dit is net hy en Bloem wat gepraat het.

En dat hulle juis die organisasies is wat die oorledene in belang gehad het, waarom hulle gepraat het? -- Nee, dit is nie so nie.

Is dit nie ook so dat hierdie begrafnis het besondere spesifieke reëls gehad vir hierdie dag nie? Is dit reg? -- Nee, dit weet ek nie van nie.

En een van hierdie spesifieke reëls was dat ŉ vaste roete deur die landdros neergelê was vanwaar hulle mag gaan en hoe hulle hulle roete moet volg tot by die kerkhof vanaf die oorledene se huis? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Het/...

Het jy niks gehoor van reëls van hierdie begrafnis nie?

HOF : Waar moes hy gehoor het?

MNR. JACOBS : By die graf. Ek wou dit juis nou vir hom gevra het.

HOF : Is die reëls voorgelees by die graf? Is dit die getuienis?

MNR. JACOBS : Hulle het net ʼn sekere tyd en dan moet hulle uitmekaar gaan.

HOF : Hulle sal tog nie oor die roete praat as hulle by die graf is nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit daar laat. Ek wil dit aan u stel dat die polisie het gekyk dat die reëls nagekom word en hulle het in parallelle strate met julle beweeg met die stoet? -- Nee, ek het nie die polisie gesien nie.

Dit was die getuienis hier gewees dat die polisie het in die parallelle strate beweeg en daar is nooit enige suggestie gemaak ooit dat hierdie begrafnisstoet opgebreek het in twee dele dat elkeen in ʼn verskillende rigting gegaan het nie? -- Ek het dit gesien.

En ek stel dit aan u dat wat u nou daaromtrent vertel het was ʼn leuen wat u vertel het om uit te kom uit die moeilikheid uit, want daar was baie karre en mense en u kon nie opgevolg het tot by die sestiende kar van voor af nie? -- Nee, dit is nie so nie.

Het u enige bydraes gemaak vir hierdie begrafnis? -- Ja, ek het.

Wat? -- Vleis.

Wie het vir u kom vra om vleis te gee vir die begrafnis? -- Mnr. Bloem.

Wie was saam met hom? -- Hy was alleen.

Was daar nie familie van die oorledene saam met hom nie? -- Nee, hy was nie saam met hulle nie. Hy het alleen daar gekom en vir my gesê "Kyk, ek dink daar sal baie mense wees by hierdie begrafnis. Ek is besig om die familie van die oorledene te help."

Het hy gesê dat hy gevra was om dit te doen? -- Nee, hy het nie.

Wanneer het dit gebeur? -- Bedoel u toe Bloem nou vleis kom vra het?

Ja? -- Dit was op die 17de.

Die dag voor die begrafnis? -- Ja, die begrafnis was op die 18de.

Het u baie met mnr. Bloem te doen gekry in daardie woongebied? -- Byvoorbeeld soos wat? Ek verstaan nou nie?

Het u baie met hom in aanraking gekom oor besigheidsaangeleenthede of oor ander aangeleenthede? -- Ek het hom net gesien daar besig om kole en vuurmaakhout te verkoop in daardie woonbuurt waar ek bly. Dat ek enige besigheid met hom bespreek het, nee, dit het nog nie gebeur nie.

Ander dinge, politiek? -- Nee, ek het dit nie met hom bespreek nie.

Jy sien, op h vraag van sy edele, die regter, het jy vir die hof gesê behalwe vir hierdie dag van die begrafnis het jy maande terug nie vir Bloem gesien nie? -- Nee, die vraag is nie vir my duidelik nie.

Dit is ook nie vir my duidelik nie, want eers het jy vir die hof vertel dat jy het hom van voor die begrafnis vir maande nie mnr. Bloem gesien nie. Nou vertel jy vir die hof hier h ander storie dat h dag voor die begrafnis het jy hom gesien en dat jy met hom samesprekings gevoer

het/...

het? -- Nee, nee, nee. U vraag was hoe ken ek vir Bloem. Ken ek hom as gevolg van die politieke besprekings en die antwoord van my is nee, ek het Bloem geken omdat hy kole en vuurmaakhout in die lokasie verkoop het.

Ek gaan jou weer net een geleentheid gee. As jy nie wil antwoord nie, los dit. Ek sê vir die hof het jy netnou gesê, vir sy edele, die regter, dat voor hierdie begrafnis het jy vir maande nie vir Bloem gesien nie. Is dit reg? -- Ja.

Nou op ꞑ vraag van my het jy gesê jy het hom die 17de gesien toe hy by jou vleis kom vra het vir hierdie mense? -- Ja.

So, jy het vir die hof ꞑ leuen vertel netnou? -- Dit was maande wat ek hom laas gesien het tot en met die tyd wat hy vleis kom vra het. Ek het hom geken omdat hy kole en vuurmaakhout verkoop het.

Ek sal vir u sê hoekom u die leuen vir die hof vertel, is omdat u nie wil herken dat mnr. Bloem is die man wat daarso in die woonbuurte namens UDF daar optree en mense probeer oorreed om by die UDF aan te sluit nie? -- Nee, dit het ek hom nog nie gehoor praat nie.

En dat hy baie vergaderings daar hou met die mense, met die jong mense in sy winkel? -- Ek was nog nie by sy winkel gewees nie.

Weet u wat is die naam van sy winkel? -- Nee, ek weet nie.

Is dit nie so nie, u is ook nie so polities onaktief nie? -- Ek is glad nie betrokke by politieke besprekings nie.

En op u dae was u self ꞑ man wat, toe u op skool was, aan opstote en geweldpleging deelgeneem het? -- Nee, ek was

nog/...

nog nie in daardie goed betrokke nie.

Was u nie in 1976 betrokke in klipgooiery by die skool waar u was nie? Bodibeng Skool? -- Nee, die polisie het my daar by ons straat gearresteer. Daar is niemand wat my daardie dag gesien het dat ek besig was om met ŉ klip te gooi nie.

En mnr. Tau Lawrence Tlokotsi was die persoon wat nog saam met jou gearresteer was vir geweldpleging daar in die woonbuurtes? -- Ek ontken dit nie dat ek saam met hom gearresteer was nie, maar ek het nie klippe gegooi nie.

Wie was nog saam met julle gearresteer? -- Ben Maxala.

En is julle almal skuldig bevind aan openbare geweldpleging? -- Nee.

Jy is skuldig bevind aan openbare geweldpleging, is dit nie? -- As ek skuldig bevind was sou hulle my gestraf het.

Op 25 Augustus 1976? --Nee, ek was nie gestraf nie.

HOF : Was u skuldig bevind? -- Nee.

MNR. JACOBS : En hierdie ander man Tau Tlokotsi? -- Hy was ook onskuldig bevind.

Is dit nie so nie dat u weet baie goed watter organisasies is aktief daar in Seeisoville om die hele gebied te betrek? -- Nee, ek weet nie van ŉ politieke organisasie wat in Maokeng bestaan nie.

Is daar ŉ onderwyserskollege? -- Ja.

En is daar nie ŉ organisasie bekend as AZASO wat daar op die onderwyskollege se kampus opereer nie? -- Dit is een ding waarvan ek nie weet nie. As daar een is, weet ek nie daarvan nie.

En COSAS? Was hy nie daar by die skole gewees op die

terreine/...

terreine waar die skoolkinders was nie? -- Nee.

Kyk, hierdie organisasies kom altyd na die besigheidsmense toe vir hulle fondse. Is dit nie so nie? -- Nee, hulle het nog nie by my gekom nie.

Is dit nie so - was daar nie huise daar van ander mense op ŉ stadium met petrolbomme aangeval nie? Dit is ander mense as raadslede of polisie? -- Nee, dit weet ek nie van nie.

En mnr. Bloem se huis, is dié aangeval met petrolbomme? -- Ek weet nie, want ek was nog nie daar nie.

Maar dit is mos ŉ klein dorpie daardie. ŉ Mens hoor mos al hierdie goeters as daarso hierdie dinge gebeur. Almal dra kennis daarvan? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Jy sien, ons het dokumente hier van UDF geaffilieerdes wat op daardie stadium nog geaffilieer was dat - in gemeenskapstydskrifte - daarso wel COSAS lede se huise met petrolbomme aangeval is? -- Ek het dit nog nie in die hande gekry nie.

En dat COSAS lede daar in Maokeng en AZASO saam werk? -- Dit is wat ek nie van weet nie.

En dat hulle saam ŉ organisasie gestig het om te organiseer in daardie gebied? -- Nee, ek weet nie.

Weet u ook nie daarvan dat vier raadslede bedank het daarso omdat daar druk op hulle uitgeoefen word deur die gemeenskap nie? -- Ek weet daarvan dat raadslede bedank het, maar ek weet nie dat daar druk op hulle was deur mense dat hulle moet bedank nie.

Dat op die 11de raadslid Nkomonde se huis afgebrand is en dat hy een van die vier is wat bedank het daarna omdat hy bang was? -- Nee, ek ken nie so ŉ raadslid met daardie

naam/...

naam nie.

Ken u hom glad nie? -- Ek ken hom nie.

Ken u enige raadslid daar? -- Ja.

Op die 11de, volgens ek jou getuienis verstaan, het jy gesien daar is heelwat mense wat weghardloop vir die polisie en die polisie skiet traanrook op hulle. Is dit reg? -- Ja.

Jy het nie geweet wat het daardie mense verkeerd gedoen op daardie stadium nie, as ek jou getuienis reg verstaan het? -- Nee, ek het nie geweet wat hulle verkeerd gedoen het nie.

Hulle kon 'n baie ernstige misdryf gepleeg het? -- Dit is een ding wat ek nie aan gedink het nie.

En tog help jy hulle om weg te kruip vir die polisie? -- Ek was nie besig om hulle weg te steek nie.

Jy het dan die winkel se deur gaan toemaak nadat hulle in jou winkel ingekom het dat die polisie hulle nie kan kry nie? -- Nee, ek het nie gesê dat ek daar toegemaak het omdat ek die polisie verhoed het om toegang te kry nie. Ek het toegemaak omdat ek nie die rook van die traangas wou laat inkom in die winkel nie.

Hoekom het u dan nie toegemaak voordat hulle ingekom het nie? Jy sien die polisie jaag mense daar, hulle skiet traanrook, die traanrook se reuk affekteer jou, hoekom maak jy nie toe nie? -- Op die tydstip wat die skietery plaasgevind het, terwyl ek agter die toonbank was, nie by die deur nie, was die kinders al vlakvoor die deur gewees.

Maar ek verstaan jou nou nie, want jy het uitgegaan, jy het 'n lawaai gehoor, toe het jy gesien daar kom mense in die straat aangehardloop, volgens jou getuienis en die

polisie/...

polisie is agter hulle en jy het ook gesê dat jy het gesien die polisie was ook op die punt om op te vang met hulle? -- Ek het nie gepraat van vang nie. Ek het gesê hulle is besig om die kinders te skiet.

Nee, ek ek sê ook nie vang nie. Ek sê die polisie was op die punt om op te vang met hulle? "To catch up with them"? -- Kyk, verstaan ek reg dat u bedoel dat ek die deur toegemaak het omdat die polisie besig was om die kinders in te haal? Ek sê nee, dit is nie so nie. Ek het die deur toegemaak omdat ek die traangas verhoed het.

Maar as dit jou doel was dan kon jy mos die deur voordat hulle by jou winkel ingekom het al toegemaak het? -- Toe ek omgekom het van agter die toonbank na vorentoe, van die kinders was alreeds in die winkel gewees en daar is van hulle wat nog aangekom het, ŉ entjie ver aangekom het.

So, wat is ŉ entjie ver? Laat ons net duidelikheid kry? -- Dit is vir my moeilik om te skat wat om te sê, want die mense staan nie stil nie, hulle is besig om te hardloop.

Ag, dit is mos nie so moeilik nie. Jy sien hulle hardloop, dit is reg. Hoe ver is hulle van jou winkel af toe jy hulle gesien hardloop het? -- Bedoel u wat heel agter was, want van die kinders toe ek by die deur kom was besig om die deur van die winkel binne te kom?

Jy sien, dit is heeltemal ŉ nuwe weergawe. As daar twee groepe gekom het - een groep het nou ingekom, waar was die ander groep? -- Ek kan sê omtrent twintig meter ver was die ander klomp.

En waar was die polisie? -- Dit was ook net daar gewees besig om traangas te skiet.

So, die polisie het hulle nie gejaag nie? -- Nee,

hulle/...

hulle het hulle gejaag en met die traangas geskiet.

Waarmee jaag die polisie hulle? Te voet of met ŉ voertuig? -- Per voertuie. Die polisie het op die teeroppervlakte gery en die voetgangers wat vlug het op die skouers van die pad gehardloop.

Hoe ver het die polisie hulle gejaag wat jy gesien het? -- Ek kan nie onthou hoe ver die polisie hulle gejaag het nie, want die kinders het in die ander winkels ook verdwyn.

Hoekom kan jy nie onthou hoe ver die polisie hulle gejaag het nie? -- In Phomolong is daar lane en steë. Party het in die steë gehardloop en ander het weer in ander rigtings in gehardloop. Ek kan dus nie sê presies in watter rigting die kinders gehardloop het nie.

Jy sien, ek verstaan jou getuienis nou glad nie, want ek wil dit aan jou stel hoe onwaarskynlik is jou hele storie. Aanvanklik het jy gesê dat die polisie het hierdie mense gejaag, maar dit is baie eienaardig dat julle hardloop nou gerieflik in die pad sodat die polisie agter hulle kan ry en hulle skiet met die traanrook en ek stel dit aan jou dit is onwaarskynlik dat dit so kon gebeur het soos jy aanvanklik vir die hof gesê het, want dan, as daar geskiet was, sou hulle gehardloop het in die erwe in, die systrate in en hulle sou nie mooi in ŉ pad gehardloop het nie? -- Ek het nie gesê dat die kinders in die straat gehardloop het nie. Ek het gesê die polisievoertuie het op die teeroppervlakte gery, terwyl die kinders op die skouers van die pad was aan weerskante, maar die kinders het in verskillende rigtings gehardloop. Daar was kinders wat in die teenoorgestelde rigting van die ander gehardloop het, net soos wat die polisie in die teenoorgestelde rigting van die ander polisievoertuie

gery het.

En het jy ook nie vir die hof gesê hulle het gehardloop uit die rigting van Kananelo Skool nie? -- Toe ek hulle die eerste keer gesien het, was hulle van daardie rigting van Kananelo af.

Goed, dan gaan ek nou weer vir jou vra. As jy sê hulle kom uit daardie rigting uit en nie meer op en af nie, maar uit daardie rigting uit, hoe ver was hulle toe jy hulle die eerste keer sien uit die rigting van Kananelo Skool uit kom? -- Omtrent twintig of vyf-en-twintig meter ver.

As jy hulle net daardie distansie gesien het, van twintig tot vyf-en-twintig treë en hulle gehardloop het na jou winkel toe, dat jy sê hulle het Kananelo Skool se rigting gekom nie. Daar moet tog iets meer wees as dit wat jou daardie indruk gegee het? -- Dit is as gevolg van die uniform wat hulle gedra het wat ek toe besluit het dat hulle van Kananelo se rigting af gekom het.

O, die uniform dui vir jou die rigting aan? Hoe kry dit reg? -- Ja, dit is so.

Maar dit is tog onmoontlik dat die uniform dit vir jou kon aangedui het? Mense met uniform kon mos uit enige rigting gekom het? -- Maar u vra nou hoe weet ek dat die kinders van Kananelo af gekom het. Ek sê ek het die uniform herken.

So, dan wil ek dit net duidelik kry. Sê u - u sê hulle het van Kananelo af gekom omdat u die uniform herken het? -- Ja.

En nie omdat jy hulle gesien hardloop het uit die rigting van Kananelo nie? -- Nee, maar ek het aan u gesê dat ek die kinders gesien het hardloop vanuit die rigting

waar/...

waar die Kananelo Skool geleë is en u wil van my weet hoekom sê ek dat hulle van daardie rigting af gekom het. Ek sê toe verder ter stawing daarvan hoekom ek dit sê, ek het die uniform herken.

Hoe lyk die uniform? -- Gym dress swart van kleur en dan is die bloese wit.

Blykbaar is dit net vrouens wat daar gewees het? -- Nee, dit was nie net vrouens gewees nie.

Maar wat is die ander klere dan? Jy het nou vir ons die vrouens se klere gegee, ȟ gym dress. Dit is tog ȟ rok, is dit nie?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is seker meisies?

MNR. JACOBS : Meisieklere. -- Grys broeke en wit hemde was die seuns se uniform.

Jy sien, ons het gister hier getuienis gehad van hierdie vrou wat gesê het dat die klere is dieselfde van die skole? Dit is Miriam Sebetoane? -- Die uniforms wat almal dieselfde is, is vir die kinders van die hoërskool. Die ander hoërskool wat daar naby is, is ver van Kananelo af.

Ek verstaan jou antwoord nou glad nie. Jy sê die uniforms wat dieselfde is is van die hoërskole? -- Ja.

En Kananelo, is dit nie ȟ hoërskool nie? -- Dit is ȟ hoërskool.

Wat is die ander hoërskool? -- Bodibeng.

Nou ja, dit was die getuienis gewees dat hulle klere was dieselfde kleur? -- Ja, die hoërskole se uniform is almal dieselfde, maar die kinders wat op skool is in laer klasse as die hoërskool, se uniformkleure is verskillend. Die kleur van die rokke is verskillend.

By die laerskole of laer klasse? -- Die primêre skole.

Wil/...

Wil u dan sê dat hierdie kinders wat hier gekom het is van die primêre skole af? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek antwoord op u vraag toe u wou geweet het hoe ek geweet het dat die kinders van Kananelo af gekom het.

Maar is dit nie dat Kananelo en Bodibeng het dieselfde klere en hulle kon van enige van daardie skole gewees het nie? -- As gevolg van die rigting waarvandaan hulle gekom het, sê ek hulle was van Kananelo. As hulle van Bodibeng se rigting af gekom het, dan sou ek gesê het dat hulle van Bodibeng af gekom het.

Ek wil dit aan u stel u het nooit gesien uit watter rigting kom daardie kinders nie en u probeer nou net die indruk by die hof skep dat hulle het uit Bodibeng se rigting gekom terwyl die kinders nie daarvanaf weggehardloop het nie, maar van Bodibeng het hulle gegaan na ander skole toe? -- Nee, ek glo nie dat die die posisie is nie.

Wat gebeur het daardie dag is dat daar van Bodibeng af het hulle gegaan na Kananelo se hoërskool toe? -- Nee, dit is wat ek nie van weet nie.

Daar het die twee skole se groepe saamgesmelt en daarvanaf is hulle verder na ander skole toe? -- Wat my betref is dit kinders van Kananelo af omdat hulle uit daardie rigting gekom het. Wat van Bodibeng af gekom het, weet ek nie.

<u>HOF</u> : Hoe ver is die laerskool van die hoër primêre skool wat die naaste aan u is? -- Dit is nie baie ver nie.

Nader as Kananelo? -- Ja. Al is dit nie in dieselfde rigting as Kananelo nie, maar die distansie in die rigting wat die hoër primêre skool is, is korter as Kananelo.

So, u sit eintlik daar tussen ŉ klompie skole? --

Nee/...

Nee, ek is net naby twee skole.

Is daardie hoër primêre skool in die teenoorgestelde rigting, met ander woorde, sit u winkel tussen die twee skole of is dit so met ŉ hoek wat ŉ mens na hulle toe gaan van u af? -- Nie in die teenoorgestelde rigtings nie, maar in ŉ V-vormige rigting. Hulle is nie sigbaar van my winkel af nie. Daar is een skuins links en die ander een is skuins regs.

So, hulle is nader aan mekaar as wat hulle aan u winkel is? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het jy enige skote in die rigting van Kananelo Skool daardie oggend? -- Ja, dit is die rigting waarvandaan die kinders gekom het.

Het jy skote gehoor voor dit, voordat die kinders gekom het? -- Ek het ŉ geklap gehoor wat ek nie op daardie tydstip geweet het of dit skote is wat afgaan of nie.

Net een? -- Nee, nie net een nie.

En direk daarna is dit toe wat die kinders daar kom? Wat jy uitgaan en kyk? -- Ja.

En toe jy daar uitgegaan het, toe het party alreeds in jou winkel ingehardloop? -- Ja.

Ek wil dit dan aan jou stel dat as daar - die distansie wat u vir die hof gesê het wat Kananelo Skool weg was van u winkel af, dan moes u die oggend vroeër, net hierso na 09h00 gehoor het as daar skote afgevuur was by daardie winkel? -- Nee, ek het nie op daardie tydstip gehoor nie.

Het daar nie daarna direk na daardie tyd om 09h00 mense aangehardloop gekom ook uit daardie gebiede se rigtings uit nie? -- Dit het gebeur om en by 10h00 of 10h30.

Maar ek praat nou van spesifiek net so na 09h00? -- Nee

ek/...

ek het niks gehoor op daardie tydstip nie.

Op die dag van 11 Februarie 1985 het u enige padblokkades op enige stadium op daardie dag gesien? -- Wanneer? Op die 11de?

Verstaan u die tolk of nie? Sê vir die hof? -- Ek verstaan.

Het die tolk vir u gevra van die 11de of nie? -- Ek hoor u praat van die 11de en verder. Ek wou gehoor het van die 11de alleen.

HOF : As u môre nie wil terugkom nie, moet u mooi na die vrae luister en vinnig antwoord.

MNR. JACOBS : 11 Februarie 1985, het u enige padblokkades - obstruksies in die pad gesien? -- Nee.

Op geen stadium nie? -- Nee,op geen stadium nie.

Het u enige voertuie gesien wat in die pad gebrand was? -- Op pad terug van die huis af na ek huis toe was, het ek dit eers gesien, maar voor dit toe ek op pad huis toe was, het ek dit nie gesien nie.

Wat is die dit wat jy gesien het? -- Te Phomolong het ek gesien dat daar ħ voertuig was wat aan die brand was.

Was dit op die teerpad gewees? -- Nee, dit was uit die pad uit verwyder.

Wie se voertuig was dit?

HOF : Was dit langs die teerpad? -- Ja, langs die teerpad op die sypaajie.

MNR. JACOBS : Wie se voertuig was dit? -- Ek weet nie wie s'n dit was nie.

Wie bly daar waar die voertuig is? -- Nee, ek ken niemand in daardie omgewing van waar die brandende voertuig was nie.

HOF : Was dit ħ vragmotor? -- Nee, dit was ħ Kombi gewees.

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Behalwe vir daardie brandende Kombi, het jy nog iets gesien wat brand? -- Ek het niks anders gesien wat aan die brand was behalwe Johnny se winkel waarvan ek reeds gepraat het nie.

Het jy op enige stadium gesien dat daar trekkers aan die brand is? -- Nee.

Het jy op enige stadium gesien dat die busterminus - die skerms, hierdie soort huisie, in die pad gesleep was? -- Nee.

Die pad wat u geloop het na - van Phomolong na Seeisoville toe, is dit die teerpad waar die bus op ry? -- Nee, dit is nie 'n teerpad nie.

Waar het u gesien dat die voertuig brand op die sypaadjie langs die teer? -- Ek was naby die bottelstoor van Phomolong waar ek dit gesien het en toe teruggekeer na my winkel toe.

Op enige stadium toe u by u huis gewees het, het u gehoor van 'n aanval daar by Seeisoville se winkels? -- Nie daardie dag van die 11de nie.

Dit is mos nie baie ver van u af nie? Dit is mos eintlik naby? -- Dit is nie so ver nie, al is dit ver.

Twee voetbalvelde se lengtes het u mos gesê? Of drie? Driehonderd treë? -- Ek verstaan nou nie. Van my huis af na Phomolong toe?

Na Seeisoville s'n toe? -- Nee, dit kan nie drie maal die lengte van die voetbalgrond wees nie.

Is dit minder? -- Dit is meer as dit.

U het nou geloop daardie dag huis toe in Seeisoville en naby u huis in Seeisoville is daardie besigheidsentrum Het u nooit gehoor dat daar skote gevuur word nie, dat daar

'n/...

ŉ geskreeuery van mense is en dat mense hardloop nie? -- Nee, op pad huis toe het ek niks gehoor nie.

En op pad van die huis af terug na Phomolong toe ook niks gehoor nie? -- Nee, ek het niks gehoor nie.

Of gesien nie? -- Ek het die winkel gesien wat gebrand het in Phomolong en die winkels wat gebreek was.

Maar niks gehoor hoe dat daardie winkels gebrand of gebreek het nie? -- Nee.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

HOF VERDAAG TOT 8 MAART 1988.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-32-360**
*Document Title:-* **Vol 360 p 20651-20727. Witness: Mhlapo**